



1 TIMOTEUS

HOE JY JOU IN GOD SE
HUISHOUDING MOET GEDRA

“...weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God: dit is die kerk van die lewende God, 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid.” 1 Timoteus 3:15

G.P. VAN RHYN

1 TIMOTEUS

**HOE JY JOU IN GOD SE
HUISHOUDING MOET GEDRA**



G.P. VAN RHYN

Gerhardus Petrus van Rhyu

Eerste druk: Oktober 2023

Uitgee deur
Scriptura Publikasies © 2023
scriptura.co.za

VOORWOORD

Hoe moet die Here se kerk bedien word? Hoe behoort die Here se kerk op te tree? Hoe gedra ons onself in God se huishouding? Die antwoord op hierdie vrae lê in die hart van 1 Timoteus.

Ek het die genadevoorreg gehad om deur 1 Timoteus te preek in die Gereformeerde Kerk Komatipoort waar ek tans as predikant dien. Die preke dien as die basis vir die inhoud van hierdie boek, daarom sal die lesersien dat daar gekies is om die praattaal van prediking te behou.

Die inhoud van die boek is geskik om as oordenkings gebruik te word, vir persoonlike Bybelstudie, huisgodsdienste en in Bybelstudiegroepe. Die inhoud is ook geskik om as leespreke gebruik te word.

Die 2020-Vertaling word deurgaans gebruik.

Die Here het die preke uit 1 Timoteus en die opstel van hierdie boek gebruik om my te laat groei in die geloof, om my nog liever vir Hom en sy Woord te maak en om my in verwondering te laat staan oor hoe Hy wil hê sy kerk bedien moet word. Ons hoef nie te wonder oor hoe die kerk bedien moet word of oor hoe ons as kerk moet optree nie – die Here het al hierdie dinge duidelik aan ons geopenbaar.

Mag Hy hierdie boek in die lesers se lewe gebruik en mag Hy deur hierdie boek verheerlik word.

'n Woord van dank aan die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Komatipoort wat hul roeping getrou uitleef deur toesig oor my

Woordverkondiging te hou. Ook 'n woord van dank aan die hele Scriptura-span, dit is 'n voorreg om saam met julle die Here te dien. 'n Laaste woord van dank aan my vrou en kinders wat my selfopofferend bystaan sodat ek my roeping kan uitleef.

Gerrie van Rhyn

Komatipoort

2023

INHOUDSOPGAWE

1	God bepaal hoe dinge in sy kerk werk	
	1 Timoteus 1:1-2, 3:14-16	7
2	Moenie dwaalleer duld nie	
	1 Timoteus 1:3-11	15
3	Christus Jesus het gekom om sondaars te verlos	
	1 Timoteus 1:12-20	23
4	Bid vir alle mense	
	1 Timoteus 2:1-8	31
5	Die Godgegewe rol van vroue in die kerk	
	1 Timoteus 2:8-15	39
6	Die ampsdraers van God se gemeente	
	1 Timoteus 3:1-13, 5:17-20	49
7	Staan gelowig vas te midde van dwaalleer en afvalligheid	
	1 Timoteus 4:1-5	59
8	Let op jou leer en lewe	
	1 Timoteus 4:6-16	67
9	Die versorging van God se huishouding	
	1 Timoteus 5:1-16	75

10	Die gewigtigheid van die bediening van die Here se kerk	
	1 Timoteus 5:17-25	83
11	Die gelowige en werk	
	1 Timoteus 6:1-2	93
12	Om tevrede te wees	
	1 Timoteus 6:3-10	101
13	Gryp die ewige lewe styf vas	
	1 Timoteus 6:11-21	109

GOD BEPAAL HOE DINGE IN SY KERK WERK

1 TIMOTEUS 1:1-2, 3:14-16

1 Timoteus 3:15 “Maar as ek vertraag word, moet jy weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God: dit is die kerk van die lewende God, ’n pilaar en fondament van die waarheid.”

Aan Wie behoort die kerk? Hoe moet dinge in die kerk gedoen word? Hierdie twee kort, maar baie belangrike vrae, word o.a. in 1 Timoteus geantwoord.

Natuurlik kry mens ’n magdom verskillende antwoorde op hierdie vrae. Party mense sal sê dat die kerk aan die mense behoort en daarom kan die mense doen wat hulle wil in die kerk, solank almal gelukkig is en voel dat hulle deel is van iets.

Party sal sê dat die kerk die Here se kerk is, maar dat die mens self kan besluit hoe dinge gedoen moet word. Solank jy sê jou fokus is op die Here, kan jy maar die kerk inrig soos jy wil. Jy kan maar enigiets doen, solank jy mense lok en mense gelukkig hou.

Die antwoord wat ons in 1 Timoteus op hierdie vrae kry, is: Dit is die Here se kerk. Hy sy hoe dinge gedoen moet word. Sy kerk. Sy manier.

Dit gee ons groot rustigheid. Ons hoef nie self uit te werk wat om in die kerk te doen nie. Ons hoef nie self te besluit nie. Ons hoef nie allerhande dinge te probeer nie. Ons kan en moet eenvoudig gehoorsaam wees aan die Here se Woord.

As jy deur 1 Timoteus gaan blaai, gaan jy sien dat die Here die sê oor alle vlakke van die bediening in sy kerk het. Jy gaan ook sien dat daar dinge is wat Hy van ons verwag waarvan sommige mense nie gaan hou nie. Dinge wat vir die wêreld vreemd en selfs diskriminerend kan lyk, maar ons doen wat die Here sê. Dit is sy kerk. Sy manier.

Kom ons kyk na die Here wat bepaal hoe dinge in sy kerk werk. Daarna kyk ons na die 2 beelde wat gebruik word om die kerk te beskryf: God se huisgesin en die beskermer van die waarheid. Laastens gaan ons stilstaan by die geopenbaarde waarheid wat ons glo.

Die Here bepaal hoe dinge in sy kerk werk

Onder leiding van die Heilige Gees, skryf Paulus hierdie brief aan Timoteus. Paulus was 'n apostel van die Here. Met ander woorde, die Here Jesus het hom Self gestuur en bekragtig om die Evangelie te verkondig. Dit was in opdrag van God, soos ons in vers 1 gelees het. Dit was God se plan van die begin af om Paulus, wat eers die Here se kerk vervolg het, kragdadig tot bekering te bring en om hom tot sy eer te gebruik.

Timoteus was op hierdie stadium die predikant van die gemeente in Efese. 'n Jong predikant wat deur die ouer apostel bemoedig en geleer word hoe die Here wil hê sy kerk bedien moet word.

Omdat die brief nie net deur Timoteus gelees sou word nie, maar ook deur die gemeente in Efese, begin die brief met 'n duidelike bevestiging dat hierdie brief nie Paulus se eie idees bevat nie. Hy sê vir Timoteus en die gemeente wat die Here wil hê hulle moet weet.

Hierdie brief was nie net vir die gemeente in Efese belangrik nie, dit is belangrik vir die kerk van alle eeue en op alle plekke. Ook vir ons.

Ons lees in 1 Timoteus 3:14 en 15: “Hierdie dinge skryf ek vir jou, in die hoop om binnekort na jou toe te kom. Maar as ek vertraag word, moet jy weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God: dit is die kerk van die lewende God, 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid.”

Al het Paulus beplan om binnekort na Timoteus te gaan, was die boodskap oor hoe die Here wil hê sy kerk bedien moet word, so belangrik, dat Paulus dit neerskryf. So sorg die Heilige Gees dat ons ook hierdie brief kan lees.

Die woord wat met “kerk” vertaal word, beteken letterlik “hulle wat uitgeroep is.” Die lewende, Almagtige God, het sy kinders uitgeroep en aan hulle geloof gegee om aan Hom te behoort.

Wanneer ons die opdragte in 1 Timoteus kry, verwag die Here nie van ons om op eie krag staat te maak nie. Hy stel ons in staat om kerk te wees soos Hy dit wil hê.

Daarom word daar in 1 Timoteus 1:1 na God ons Verlosser en Christus Jesus ons Hoop verwys. Hoewel Jesus Christus die Verlosser is, is dit nie vreemd om na God as die Verlosser te verwys nie. Hy is tog die Een wat sy Seun gestuur het om ons met Hom te versoen. Hier staan “Christus Jesus” om die klem te plaas op die feit dat Jesus die Gesalfde is wat deur God gestuur is.

Die feit dat Christus Jesus ons Hoop is, gee onmeetbare troos. Dit beteken dat ons in Hom die vaste sekerheid het dat God alles sal doen wat Hy beloof. Dat ons in Hom die ryke troos het dat ons wat glo se verhouding met God ewig vas staan. Dit bemoedig ons want dit herinner ons dat ons Here weer gaan kom en 'n einde gaan maak aan al die hartseer en onreg van hierdie wêreld.

Die seënbede staan in 1 Timoteus 1:2: “Genade, barmhartigheid, en vrede van God, die Vader, en Christus Jesus, ons Here.” Genade, barmhartigheid en vrede. Bekende woorde. Amper so bekend dat ons vergeet wat hulle beteken.

Genade beteken om die teenoorgestelde van wat jy verdie, te kry. Ons verdien die ewige dood, maar God het vir ons die ewige lewe gegee.

Barmhartigheid beteken om nood raak te sien en iets daaraan te doen. God het ons nood raakgesien. Hy het geweet ons kan niks doen om onself te red nie. Hy het sy Seun gestuur om ons te verlos.

Vrede beteken om met God versoen te wees. Vrede beteken om ’n vol lewe te lei. Dit is moontlik omdat God sy genade en barmhartigheid aan ons bewys het.

God gee alles wat ons nodig het om kerk te wees soos Hy dit wil hê.

Ons is God se huisgesin wat aan die waarheid vasklou

In die Bybel word verskillende beelde gebruik om na die Here se kerk te verwys. Beelde wat ons help verstaan hoe die Here wil hê ons as sy kerk moet leef.

Dink bv. aan die kerk wat die liggaam van Christus genoem word. Of die kerk wat die kudde van ons Goeie Herder genoem word.

Die beelde wat in 1 Timoteus gebruik word, word gebruik om ons te herinner dat daar twee baie belangrike eienskappe van die kerk is: Liefde en waarheid.

Liefde en waarheid kan nie los van mekaar staan nie. Sonder waarheid is liefde ’n leë, soetsappige gevoel. Sonder waarheid is liefde dit wat jy in die wêreld sien: Elkeen moet toegelaat word om te doen wat hy wil, al maak dit homself of iemand anders seer.

Sonder liefde, is die waarheid koud en hard. Sonder liefde word die waarheid as ’n stok gebruik om ander mense mee te slaan.

Die eerste beeld beklemtoon dat die kerk God se huishouding, of God

se huisgesin, is. Dit beklemtoon in die eerste plek God se liefde vir ons. Hy is ons Vader. Hy sorg vir ons. Hy beskerm ons. Hy het ons waarlik lief. Daarom het Hy Jesus Christus, sy Eniggebore Seun, gestuur om in ons plek vir ons sonde te sterf, sodat ons sy aangenome kinders kan wees. As kerk het ons God lief en ons het mekaar lief.

Ons is 'n huisgesin. Die Here het ons nie net vriende van mekaar maak nie. Vriende kan as dinge moeilik gaan besluit dat die verhouding verby is. 'n Huisgesin bly 'n gesin, al gebeur wat.

Met hierdie beeld word ons ook herinner dat alles nie volmaak en perfek gaan wees in die kerk nie. Ons is die Here se kerk, maar ons is nog ver van volmaak af. Soos in enige huisgesin is daar soms rusie. Soos in enige gesin baklei boetie en sussie soms soos katte en honde. Soos in enige gesin word die deur toegeslaan dat die hele huis bewe wanneer iemand kwaad is. Soos in enige gesin sit ons ook nie net styf en formeel in die sitkamer nie, maar ons lewe saam.

Onthou dat jy deel is van God se huisgesin. Onthou dat God lief is vir jou. Onthou dat Hy vir jou sorg en vir jou gee wat jy nodig het. Wees lief vir Hom. Onthou dat Hy lief is vir jou medegelowiges. Wees lief vir hulle. Wanneer jy kwaad raak vir ander, vra jouself mooi af: Is ek kwaad omdat dinge nie gaan soos die Here dit wil hê nie? Of is ek kwaad omdat dit nie gaan soos ek dit wil hê nie?

Die tweede beeld wat vir die kerk gebruik word, is dat die kerk 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid is. Die kerk het die roeping om styf vas te hou aan die waarheid. Soos 'n dak deur pilare en 'n stewige fondament bo gehou word, moet die waarheid deur die kerk opgehou word. Die kerk het die roeping die waarheid te verdedig wanneer dit aangeval word deur die leuen. Die kerk het die roeping om in die lig van die waarheid te lewe en om die lig van die waarheid in die wêreld te laat skyn. Die Here se kerk is die een plek in die hele wêreld waar mense die waarheid kan hoor. Dit is baie hartseer dat dit dikwels in die kerk is wat die waarheid verwerp word.

Hoe is ons 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid? Ons moet die waarheid ken, daarom maak ons 'n punt daarvan om die Here se Woord te ken. Ons moet daarvolgens lewe, daarom gehoorsaam ons die waarheid en aanbid ons God soos Hy beveel. Ons is nie bang om die waarheid teenoor die leuen te verkondig nie, maak nie saak wie dit is wat die leuen verkondig nie.

Die Here het gekies om deur sy kerk te werk en om deur sy kerk die waarheid aan mense bekend te maak. Ons verkondig die waarheid en Hy gebruik dit tot sy eer.

Die Here se kerk moet deur liefde en waarheid gekenmerk word, daarom word die beeld van die huisgesin en die beeld van die pilaar en fondament van die waarheid vir gebruik.

Die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens

Nou kan jy vra: Wat is hierdie waarheid wat die kerk glo, beskerm en verkondig? Dit is niks anders as die Evangelie nie, die Goeie Nuus oor Wie Jesus is en wat Hy kom doen het.

1 Timoteus 3:16 begin met die volgende woorde: “En die geheimenis van die ware godvresendheid is sonder twyfel groot.” Dit is 'n geheimenis, 'n geopenbaarde waarheid, want jy kan dit slegs glo wanneer God dit aan jou openbaar en geloof in jou hart werk. Hier het ons 'n mooi herinnering dat dit die Here is wat deur sy kerk werk en dat dit nie ons is wat mense tot bekering kan bring nie.

Vers 16 is 'n samevatting van die Evangelie:

- “Hy is geopenbaar in 'n menslike liggaam”. Die ewige Seun van God het Homself verneder en 'n mens geword om vir die mens se sonde te betaal.
- “regverdig bewys deur die Gees”. Jesus het aan die kruis gesterf en is begrawe, maar Hy het opgestaan uit die dood. Sy opstanding is die

bewys dat Hy waarlik die Verlosser is. Daarom lees ons in Romeine 1:4 “Wat na die Gees van heiligheid op grond van sy opstanding uit die dood kragtig aangedui is as die Seun van God.”

- “gesien deur die engele”. Na sy opstanding was die engele die eerste om Hom te sien. Die engele het aan sy volgelinge verkondig dat Hy opgestaan het uit die dood.
- “verkondig onder die nasies” Die Goeie Nuus is vir mense van alle volke. Dit is nie net die Jode wat die Goeie Nuus van Jesus Christus moes hoor nie, maar alle mense.
- “geglo in die wêreld”. God maak sy kerk uit mense van alle volke en tale bymekaar. Die feit dat ons kan glo, is ’n bewys daarvan.
- “opgeneem in heerlikheid”. Jesus het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van sy Vader. Hy regeer nou oor sy kerk. Hy gaan eendag weer kom. Hy is ons Hoop – Hy gaan ons met sy wederkoms verheerlik.

Dit is die kern van die waarheid wat ons bely. Ons mag aan geen enkele deel van hierdie waarheid wil torring nie, anders is daar nie meer Goeie Nuus nie. Sonder die Goeie Nuus, sonder die Evangelie, is daar nie redding nie.

Dit is gewoonlik op hierdie punte wat die duiwel die kerk graag aanval en wat die wêreld ons probeer belaglik maak. Dit is gewoonlik op hierdie punte wat sommige wat beweer dat hulle deel van die kerk is, leuens verkondig om ander te mislei.

Die geopenbaarde waarheid van ons geloof is groot. Hierdie waarheid, hierdie Goeie Nuus, word deur die Here gebruik om mense tot geloof in Hom te bring. Hy gee aan sy kerk die groot taak om die waarheid te glo en te verkondig.

Aan wie behoort die kerk? Aan die lewende God. Wie bepaal hoe dinge in die kerk gedoen moet word? Die Here Self. Wat is belangrike kenmerke van die kerk? Liefde en waarheid.

Mag die Here ons deur sy Gees lei om as sy huisgesin te leef. Mag ons Hom liefhê. Mag ons mekaar liefhê. Mag ons ook die waarheid wat ons glo, verdedig. Mag ons styf daaraan vashou – want daarin lê ons troos. Mag ons die waarheid aan die wêreld verkondig.

Mag die Here 1 Timoteus gebruik om ons te versterk sodat ons as sy kerk sal leef soos Hy sê. Mag Hy in ons harte werk om ook die dinge in die brief te glo en te doen waarmee van ons dalk nie saamstem nie. As daar iets is wat moet verander is dit ons harte, die Here se Woord staan vas.

Mag die Here ons laat besef hoe groot sy liefde vir ons is en hoe groot sy genade is dat Hy ons vir mekaar gegee het om saam as lede van sy huisgesin te lewe.

Sy kerk. Sy manier. Mag ons aan Hom gehoorsaam wees.

MOENIE DWAALLEER DULD NIE

1 TIMOTEUS 1:3-11

1 Timoteus 1:3 “Soos ek by jou aangedring het toe ek na Macedonië vertrek het, moet jy in Efese bly, sodat jy sekere mense opdrag kan gee om nie vreemde lering te versprei (nie)”

Hoe behoort die kerk op dwaalleer te reageer? Wat moet ons doen wanneer iets anders as die gesonde leer, die Evangelie en die gevolge daarvan vir ons lewens, verkondig word?

Moet ons net stilbly daaroor? Moet ons redeneer soos baie mense wat sê dat elkeen maar kan glo wat hy wil? Moet ons dit net los want dit is baie liefdeloos om vir iemand te sê dat hulle verkeerd is? Moet ons dit verdra met die hoop dat dit later self sal weggaan?

Kom ons kyk wat word ons in 1 Timoteus 1 geleer. Ons gaan eerstens sien dat die kerk nie dwaalleer mag duld nie. Dan gaan ons sien dat dwaalleer die wet en die Evangelie verdraai. Laastens gaan ons sien dat onverdraagsaamheid teenoor dwaalleer liefde vir God en sy kerk werk.

Moenie dwaalleer duld nie

Nadat die seënbede oorgedra is, nadat ons herinner is dat die Here vir ons alles gee wat ons nodig het om kerk te wees soos Hy dit wil hê, kom ons by die spesifieke opdragte wat Timoteus ontvang oor hoe hy die Here se gemeente moet bedien.

Wat is die heel eerste opdrag wat hy kry? Moet hy seker maak dat almal gemaklik en gelukkig is? Moet hy seker maak dat die gemeente soos 'n goed geoliede masjien loop? Moet hy probeer om nog mense in die gemeente te kry? Nee! Hy moet dwaalleer teenstaan.

Ons lees in 1 Timoteus 1:3: “Soos ek by jou aangedring het toe ek na Macedonië vertrek het, moet jy in Efese bly, sodat jy sekere mense opdrag kan gee om nie vreemde lering te versprei (nie).”

Paulus smee Timoteus om in Efese te bly en die gemeente daar te bedien. 'n Belangrike deel van sy bediening was om die mense wat valse leerstellings versprei het, te verbied om dit te verkondig.

Valse leerstellings is anders as die gesonde leer. Daar is nie baie verskillende gesonde lere nie. Daar is een gesonde leer. Dit word die gesonde leer genoem omdat dit die verkondiging van die Woord is. Dit word die gesonde leer genoem omdat die Here daardeur lewe gee en omdat Hy daardeur gelowiges gesond in die geloof hou.

Timoteus moet die persone wat iets anders as die gesonde leer verkondig,

wat skade in die geloof doen en tot die dood lei, verbied. Hy moet hulle nie mooi vra om op te hou nie. Hy moet hulle nie vermy nie. Hy moet hulle met gesag verbied.

Met watter gesag? Sy eie? Nee. Die Here bedien sy gesag deur die ampsdraers in die gemeente. Wanneer Timoteus hierdie persone verbied, is dit met die Here se gesag. Dit is dieselfde gesag waarmee predikante en ouderlinge vandag dwaalleraars moet stil maak. Dit is met dieselfde gesag waarmee ampsdraers die gemeente teen valse leer moet beskerm.

Die Here se kerk het die roeping, die opdrag uit die Here se Woord uit, om nie dwaalleer te duld nie.

Voor 1 Timoteus geskryf was, het Paulus die gemeente in Efese bedien. Nadat hy vir drie jaar lank die gemeente in Efese bedien het, groet hy die ouderlinge en sê die volgende vir hulle in Handeling 20:28-30: “Pas julleself op, en ook die hele kudde oor wie die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om die gemeente van God, wat Hy deur sy eie bloed verwerf het, herderlik te versorg. Ek weet dat wrede wolwe ná my vertrek julle geleedere sal binnedring en die kudde nie sal spaar nie. Selfs uit julle eie geleedere sal daar manne na vore kom wat verdraaide dinge verkondig om die dissipels agter hulle aan weg te lok.”

Van die dwaalleraars was bekende mense in die gemeente wat met ’n ander leer gekom het. Timoteus moes hulle verbied. Wat moes hy en die ouderlinge dan doen as hierdie mense nie wou luister nie? Hulle moes hulle deur tug uit die gemeente afsny.

Ons reaksie op ’n ander leer as die waarheid van die Evangelie, mag nie anders wees nie. Tye het verander, sal sommige sê. Dit is liefdeloos, sal sommige sê. Wie is julle om te oordeel, sal sommige vra. Maar die Here gee aan die predikante en onderlinge steeds die verantwoordelikheid om mense te verbied om dwaalleer te versprei.

Selfs as dit sou beteken dat ons ongewild gaan wees, moet ons ernstig teen dwaalleer optree.

Dwaalleer verdraai die wet en die Evangelie

Wat was die dwaalleer wat in Efese verkondig was? Wat het dit so gevaarlik en verkeerd gemaak dat dit verbied moes word?

Dit was nie net 'n klein meningsverskil oor iets nie. In vers 4 kry ons 'n idee van hierdie valse leer: “mites en eindelose geslagsregisters”. In vers 7 lees ons: “Hulle wil leermeesters in die wet wees.”

Hierdie dwaalleraars het die wet en die Evangelie verdraai en die fokus heeltemal van die Here af gehaal en op die mens geplaas. Dit is maar wat dwaalleer vandag ook doen: Verdraai die wet en die Evangelie, haal die fokus van die Here af en laat al die aandag op die mens en wat hy doen, val.

Hulle het verdigsels of legendes geglo en verkondig. Hulle het opge- maakte stories vertel. Hulle het hulself met eindelose geslagsregisters besig gehou. Hulle het op verskillende maniere probeer wys wie belangrik is en wie nie, op grond van lang geslagsregisters. Op hierdie manier het hulle eintlik gesê dat jy iets meer as die Woord nodig het om die Woord reg te verstaan. Hulle het gesê dat jy het iets meer as God se bedoeling met sy wet nodig het om jouself te red.

Meeste valse leraars van vandag sê ook dat jy buitengewone kennis nodig het wat jy net by hulle kan kry om die Bybel te verstaan. As jy wil weet wat God sê, moet jy net na hulle luister. Meeste dwaalleraars van vandag trek ook 'n streep deur die Evangelie en sê dat die mens homself moet red.

Dit is juis omdat God se wet en die Evangelie so belangrik is, wat ons as gelowiges presies moet weet hoe hulle by mekaar pas en wat God deur die wet en deur die Evangelie doen.

God het nie sy wet gegee sodat ons onself daardeur moet probeer red nie. God het sy wet gegee sodat die mens kan beseef dat hy redding nodig het en dat hy dit nie self kan kry nie. Daarom word die wet in Galasiërs 3:24 (Ou Vertaling) “ons tugmeester na Christus toe” genoem.

Deur die wet leer die Here ons wat die sonde is, dat ons redding nodig het en dat ons onself nie kan red nie.

Die Evangelie is die Goeie Nuus dat Jesus Christus ons kom loskoop het van die sonde en die dood, sodat ons ewig aan Hom behoort.

Hy het ons met God versoen. In hierdie verhouding speel die wet nog steeds 'n rol. Die wet gee vir ons die presiese manier hoe God wil hê ons Hom moet dien. Die wet wys vir ons hoe ons God en ons naaste moet liefhê.

Die wet het 'n groot plek in die lewe van 'n gelowige. Ons probeer onself nie deur die wet red nie, maar gebruik die wet as 'n spieël om ons diens aan God mee te meet. Ons gebruik die wet as 'n dankbaarheidsreël oor hoe ons Hom liefhet.

Wat gebeur wanneer die wet uit gelowiges se lewens gehaal word? Wanneer jy die wet uit gelowiges se lewens neem, vat jy God se manier hoe Hy gedien wil word weg. Jy laat die mens op 'n punt kom waar hy dink dat dit reg is as hy self besluit hoe hy God en sy naaste wil liefhê.

Ons weet nie wat die presiese dwaalleer in Efese was nie. Ons kan wel sien dat dit teen die gesonde leer was en dat dit die wet 'n verkeerde plek gegee het. Die dwaalleer in Efese het 'n streep deur die Evangelie getrek het.

Dit het gelei tot 'n bakleiery oor onnodige dinge, 'n nuttelose gepraat, twyfel by gelowiges en 'n passiwiteit. Mense het nie hul geloof in liefde uitgeleef soos God dit wil hê nie.

Dit is wat dwaalleer vandag ook doen. Dwaalleer klink boonop so aanloklik teenoor die eenvoud van die Evangelie. Maar dit roof mense van sekerheid en maak afbreek aan die heerlikheid van die goeie God.

Dit is onmoontlik om alle dwalings van vandag te noem, maar daar is 'n paar wat so stil-stil hul plek in mense se lewens gevind het:

- God doen 'n bietjie en jy doen die res om jouself te red.
- God kan niks doen as jy Hom nie eers toelaat nie.

- God wil net hê dat dit goed moet gaan met jou en dat jy ryk en gesond moet wees.
- God is nie besorg oor hoe ons Hom aanbid nie, solank ons Hom aanbid.
- Die Bybel is nie belangrik nie – God praat op vreemde manier deur drome en visioene met mense.
- Jy kan maar lewe soos jy wil, jy is nou gered.
- Jy gaan nooit die Bybel kan verstaan as jy nie ’n geheime sleutel by iemand kry nie.
- Liefde is liefde – so daar is glad nie ’n probleem met selfdegeslag-verhoudings nie – al sê die Bybel dat die huwelik uit een man en een vrou bestaan.
- As iets reg voel, moet dit mos reg wees. Dit wat ek voel, weeg swaarder as dit wat in God se Woord staan.

Dwaalleer verdraai die wet en die Evangelie. Dit maak afbreek aan God se heerlikheid. Dit is lewensgevaarlik.

Wek liefde vir God en sy kerk deur die gesonde leer

Ons Here is nie ’n swak hulpelose Here wat van ons afhanklik is nie. Ons Here wat ons losgekoop het met sy bloed, ons Here wat uit die dood uit opgestaan het, ons Here wat nou aan God die Vader se regterhand sit en oor ons regeer, beskerm ons. Hy het ons deel van sy kerk gemaak - ook om ons teen dwaalleer te beskerm.

Waar baie mense dink dat die regte leer of dogma vervelig is, waar baie sê mens moenie so ernstig oor die inhoud van ons geloof wees nie, moet ons mooi na 1 Timoteus luister. Hoor wat is doel van die stryd teen dwaalleer in 1 Timoteus 1:5: “Die doel van die opdrag is liefde uit ’n rein hart, ’n skoon gewete en ’n ongeveinsde geloof.” Die doel is liefde! Dit is nie liefdeloos om dwaalleer uit te wys en aan te vat nie, dit is juis liefde vir die Here en sy kerk!

Die stryd teen dwaalleer sal liefde vir die Here, sy Woord en sy kerk by gelowiges wek. Waarheid en liefde staan nie los van mekaar nie. Waar daar erns met die waarheid gemaak word, waar die leuen verbied word, word liefde opgewek.

Liefde wat uit 'n rein hart, 'n hart wat skoongewas is met Jesus se bloed; uit 'n skoon gewete, 'n manier van dink wat deur die Heilige Gees bepaal word; en 'n ongeveinsde geloof, 'n vaste vertrouwe dat die Evangelie waar is, kom.

Sommige mense gaan dalk mor en dink dit is onnodig om dwaalleer te beveg, maar die bevegting van dwaalleer gaan liefde vir die Here, sy Woord en sy mense by gelowiges opwek.

Die gesonde leer, die Evangelie, laat ons nie koud en passief nie. Dit maak ons al hoe liewer vir die Here.

As jy nie in liefde jou geloof uitleef nie, as jy nie die Here en jou medegelowiges in liefde dien nie, moet jy jouself vra of jy waarlik in die Evangelie glo? Die Goeie Nuus verander ons harte en ons lewens.

Die Evangelie is regtig so eenvoudig soos dit klink: Jesus Christus het na die wêreld toe gekom om sondaars te verlos.

Wanneer jy in Hom glo het jy die troos dat jy in lewe en in sterwe, na liggaam en na siel, aan Hom behoort. Dan het jy die troos dat jou sonde vergewe is. Mag ons nooit verveeld raak met die eenvoud van die Evangelie nie!

In 'n tyd waar daar dwaalleer in oorfloed is, in 'n tyd waar baie mense gaan dink ons is liefdeloos en verkramp, in 'n tyd waar mense dink elkeen kan maar glo wat hy wil, bly die roeping van die kerk dieselfde: Moenie dwaalleer duld nie.

Mag die Here gee dat ons enigiets wat in stryd is met die gesonde leer verwerp. Mag Hy kerkrade vrymoedigheid gee om dwaalleraars stil te maak. Mag Hy ons deur sy Gees lei om sy wet en die Evangelie reg te verstaan. Mag die Heilige Gees ons lei om al hoe meer in ons liefde vir die Here en mekaar te groei.

Mag ons vashou aan die gesonde leer en God dien soos Hy dit wil hê.

CHRISTUS JESUS HET GEKOM OM SONDAARS TE VERLOS

1 TIMOTEUS 1:12-20

*1 Timoteus 1:15: “Die uitspraak is betroubaar,
en werd om ten volle aanvaar te word, dat Christus
Jesus na die wêreld gekom het om sondaars te
verlos, van wie ek die heel grootste is.”*

Jy moet net positief wees. Jy moet jousef herinner dat jy baie werd is. Jy moenie negatiewe dinge oor jousef uitspreek nie. Jy is baie werd. Bou jousef op. Selfvertroue is bitter belangrik. Die fout lê nooit by jou nie. Alles gaan oor jou geluk. Klink hierdie stellings dalk bekend?

Teenoor hierdie gewilde stellings, hoor ons die woorde van 1 Timoteus 1:15: “Christus Jesus na die wêreld gekom het om sondaars te verlos, van wie ek die heel grootste is.” Die hedendaagse mens sal ’n oorval kry. Jy kan nie dit sê nie! Jy moenie so min van jouself dink nie.

Teenoor die wêreld wat die mens net wil goedpraat en teenoor ’n verkeerde verstaan van die geloof, sal ons baie goed doen as ons styf vashou aan hierdie belydenis wat die kern van die Evangelie raak.

Kom ons kyk na hierdie belydenis. Eerste gaan ons kyk na Christus Jesus wat in die wêreld gekom het. Daarna gaan ons kyk na die rede waarom Hy gekom het: om sondaars te verlos. Laastens gaan ons by die belydenis kom waarmee elkeen van ons behoort te lewe: Van al die sondaars is ek die heel grootste.

Christus Jesus het na die wêreld gekom

Paulus bemoedig vir Timoteus en sê vir hom hoe hy die Here se kerk moet bedien. En waarmee doen hy dit? Met goed-voel woorde? Deur Timoteus te herinner dat hy ’n goeie selfbeeld moet hê? Deur vir Timoteus te sê hy moet net altyd op die positiewe fokus? Nee. Hy bemoedig hom met die Evangelie. Ons word op dieselfde manier in die geloof bemoedig: Met die Goeie Nuus van Jesus Christus.

In 1 Timoteus 1:15 staan: “Die uitspraak is betroubaar, en werd om ten volle aanvaar te word.” Hierdie kort uitdrukking is uniek aan die Pastorale Briewe en gaan oor kort belydenisse wat in die kerk bestaan het. Kort, eenvoudige belydenisse wat maklik is om te memoriseer.

Hierdie spesifieke belydenis gaan oor ons Here en wat Hy kom doen het: “Christus Jesus het na die wêreld gekom.” Ons lees gewoonlik in die Bybel “Jesus Christus”. Wanneer dit omgekeer word na “Christus Jesus” is dit om die klem te plaas op Christus. Hebreeus verwys na “die Messias” en Grieks verwys na “die Christus”. In beide die Ou- en Nuwe Testament beteken hierdie woord “Gesalfde”. Op hierdie manier word beklemtoon

dat Christus Jesus die Gesalfde van God is. Christus Jesus is die Een wat deur God Self gekies en gestuur is om 'n spesifieke taak te verrig.

Hy het na die wêreld gekom. Hy het mens geword op hierdie aarde vol sondaars kom woon. Hy bestaan van ewigheid af saam met die Vader en die Gees. Filippense 2:6 en 7 stel dit mooi: “Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets om aan vas te klem nie, maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.”

Hy het nie sy Goddelikheid prysgegee nie. Jesus Christus is God en Mens. Hy kan ons verlos, want Hy is God. Hy weet presies waardeur ons gaan, want Hy is mens.

Die Gesalfde Verlosser word 'n Mens. Hy is deur sy Vader gestuur.

Om sondaars te verlos

Waarom het Hy Mens geword? Hy het gekom om sondaars te verlos. Hy het nie gekom om sondaars aan te moedig om hulself te verlos nie. Hy het nie gekom om saam met sondaars te werk om hul te verlos nie. Hy het nie gekom om aan die deurtjies van sondaars se harte te klop en te hoop dat hulle dit vir Hom sal oopmaak nie. Hy het gekom om sondaars, mense wat skuldig voor God staan, mense wat die ewige regverdige straf van God verdien, te verlos.

Die mens is dood in die sonde – soos ons in Efesiërs 2:1 geleer word. Die mens kan niks doen om homself te red nie en is op pad om God se ewige straf te ontvang.

Paulus kan van hierdie dood-wees in die sonde getuig. Daar staan in 1 Timoteus 1:13: “Nogtans is ek begenadig, omdat ek uit ongeloof onkundig opgetree het.” Dit beteken nie dat hy onskuldig voor God gestaan het nie, maar dat hy so dood in sy sonde was dat hy nie 'n idee gehad het dat hy besig was om die Almagtige Here te vervolg nie.

Die mens kan homself nie red nie. Net die Here Jesus kan. Daarom lees ons in 1 Timoteus 1:14: “Ons Here se genade oor my was oorvloedig, en

daarmee saam ook nog die geloof en liefde wat daar in Christus Jesus is.”

Genade beteken om die teenoorgestelde te kry van wat jy verdien. Waar Paulus en ons die regverdige straf op ons sonde verdien het, kry ons die ewige lewe en vergifnis.

Die Here oorlaai ons met genade. Hy gee nie net ’n klein bietjie nie. Dit is nie net ’n stroompie genade wat na ons toe vloei nie, maar ’n oorvloedige sterk rivier wat ons heeltemal bedek. In sy genade gee Hy vir ons geloof en liefde: die vertrouwe dat ons redding en lewe in Hom het en die strewe om Hom met alles te dien omdat Hy ons eerste liefgehad het.

Hy het ons verlos om aan Hom te behoort en vir Hom te lewe. Daarom word Timoteus in 1 Timoteus 1:18 aangemoedig: “Hierdie opdrag vertrou ek aan jou toe, my kind Timoteus, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry.”

Toe Timoteus die hande opgelê was, toe hy deur die Here Self geroep en gestuur was as Woordverkondiger, was daar profesie wat bevestig het dat dit die Here is wat hom geroep het. Jy kies nie, die Here kies jou.

Nou kry Timoteus die opdrag: Stry die goeie stryd! Die lewe van ’n gelowige is ’n stryd! ’n Stryd teen die duiwel, ’n stryd teen die wêreld en ’n stryd teen jou eie sondige natuur. Dit is ’n stryd waarin die gelowige moet volhard. ’n Stryd waarin die Heilige Gees die nodige krag gee.

Ons lewe op aarde is nie ’n piekniek nie. Die lewe van ’n gelowige is maklik nie. Ons is nie gered om nou ’n gemaklike lewe te hê nie – maar om getrou aan God te bly.

Ons moet die woorde van 1 Timoteus 1:19 ter harte neem: “Met geloof en ’n goeie gewete.” Geloof beteken hier die inhoud ons geloof, met ander woorde, dit wat die Here ons in sy Woord leer. Ons moet daaraan vashou. Ons moet seker wees ons weet wat Hy ons leer. Ons moet ’n goeie gewete behou. Ons moet tot die Here se eer leef. Leer en lewe is belangrik.

Himeneus en Aleksander het nie die goeie stryd gestry nie. Hulle het die leer en ’n lewe tot God se eer weggestoot en vir hulself geleef, daarom

het hul geloof skipbreuk gelei. Hulle was in gevaar! Boonop het hulle ander met hul probeer saamsleep.

Ons lees in 1 Timoteus 1:20: “wat ek aan Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.” Wat beteken dit dat hulle aan die Satan oorgegee is? In 1 Korintiërs 5:5 lees ons ook van iemand wat aan Satan oorgegee word: “Om sy sondige aard te vernietig, sodat sy gees op die dag van die Here verlos mag word.” Ons lees hier in 1 Timoteus 1:20: “sodat hulle kan leer om nie te laster nie.”

Ons het hier te doen met die laaste stap van die kerklik tug: Om iemand af te sny uit die gemeente uit. Om iemand in die wêreld te laat leef soos al die ander mense wat onder die mag van Satan is. Om iemand te laat besef dat as hulle in die sonde gaan volhard, hulle hulself van die Here afsny.

Die doel van die kerklike tug is om die persoon te red. Die doel van die kerklike tug is om die persoon terug te kry by die Here. Die tug is ’n liefdeshandeling. Dit gaan altyd oor die Here se eer, die opbou van die gemeente en die behoud van die persoon.

Christus Jesus het gekom om sondaars te verlos. Hy het gekom om vir mense wat die ewige dood verdien, die ewige lewe te gee. Hy het gekom om mense met God te versoen sodat hulle tot sy eer kan lewe.

Van wie ek die heel grootste is

In 1 Timoteus 1:15b kom ons by die laaste deel van die belydenis: “Van wie ek die heel grootste is.” Paulus bely dat hy die grootste, vernaamste en slegste sondaar is.

Voordat hy geglo het, het hy die Here belaster, vervolg en beledig. Hy het vreugde daarin gevind om gelowiges in die tronk te laat gooi. Hy het die moord van Stefanus goedgekeur. Hy was ’n vyand van die Here en sy kerk.

Toe laat die Here sy genade oorvloedig oor Paulus spoel. Hy gee aan hom geloof. Waar hy die ewige dood verdien het, gee die Here vir hom

die ewige lewe. Waar hy skuldig voor God gestaan het, word hy onskuldig verklaar. Christus het die prys vir sy sonde betaal.

Ons lees in vers 1 Timoteus 1:16: “Ek is juis om hierdie rede begenadig, sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy geduld kon betoon, as voorbeeld vir hulle wat in Hom sou glo met die oog op die ewige lewe.”

Die Here gebruik Paulus as ’n voorbeeld om ons te leer dat Hy red wie Hy wil en wanneer Hy wil. Geen mens se sonde te groot is vir die Here om hulle te vergewe as Hy wil nie. Ons moet nooit dink dat ons sonde te groot is en daarom kan die Here ons nie vergewe nie. Jou sonde is nie te groot nie!

Paulus was toe hy hierdie brief geskryf het al ’n ouer man wat baie in die geloof gegroei het. As volwasse gelowige kon hy bely dat hy die grootste sondaar is. Hy beklemtoon dit deur in die oorspronklike taal te sê: “Ek, ek is die grootste sondaar.”

Hoe is dit moontlik? Moes hy nie teen hierdie tyd al so ver in die geloof gegroei het dat hy minder sonde gedoen het nie? Is hy nie onnodig oordrewe en dramaties om sy punt te maak nie? Glad nie.

Groei in die geloof word gesien in ons besef van ons sonde en ons besef van die Here se genade. Soos ons nader aan die Here groei, kan ons vaster staan en weerstand bied teen die sonde, maar ons raak ook al hoe meer bewus van die sonde wat ons nog het. Soos ons al hoe meer bewus raak van die sonde wat ons nog het, raak ons ook meer bewus van hoe groot die Here se genade is. Groei in die geloof beteken nooit dat jy dink jy kan op jou eie staan nie, groei in die geloof beteken dat jy al hoe meer besef dat jy Jesus nodig het.

Hierdie belydenis van Paulus “Ek is die heel grootste sondaar” is iets wat elke ware gelowige bely. Op die oppervlak kan dit dalk lyk of ander mense erger is. Maar wanneer ons besef hoe dodelik die sonde is en wanneer ons besef hoeveel ons al gesondig het, wanneer ons mooi oor onself dink, kan ons nie anders as om te bely: Ek is die heel grootste sondaar, nie.

Soos ons sondebeseft groei, groei ons beseft oor die Here se genade ook.

Dit is met hierdie gesindheid wat ons alles gee om tot die Here se eer te lewe. Wat ons alles doen om vas te hou aan die waarheid van ons geloof en om daarvolgens te lewe.


Waar die wêreld sê dat jy net meer positief oor jouself moet wees, dat jy 'n baie goeie mens is en dat jy alles met selfvertroue moet doen, bely die gelowige iets anders.

Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Hy het kom doen wat niemand anders kan doen nie. Mag ons daarin glo en die versekering en troos hê dat Hy ons ook vergewe het.

Mag ons elkeen bely: Van al die sondaars is ek die heel grootste.

BID VIR ALLE MENSE

1 TIMOTEUS 2:1-8



1 Timoteus 2:1 “Heel eerste versoek ek dat smekinge, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word.”

Hoe lyk ons as kerk se gebede op alle plekke? Met persoonlike stiltetyd, in huisgodsdienst saam met jou gesin, stiltetyd saam met jou man of vrou, met Bybelstudies, noem maar op.

Bid ons net vir onself en wat ons nodig het en die mense wat ons ken en wat hulle nodig het en verder vir niemand anders nie?

'n Selfsugtige kerk kan nie sy roeping uitleef nie. Daarom kry ons die opdrag in 1 Timoteus 2 om vir alle mense te bid. Ons moet veral vir hul redding bid. Dit is wat God wil hê.

Kom ons kyk eers na die opdrag wat ons kry om te bid: Bid vir alle mense. Daarna gaan ons kyk na die inhoud van die gebede. Laastens gaan ons kyk na die ingesteldheid waarmee ons bid.

Bid vir alle mense

In 1 Timoteus 2:1 staan: “Heel eerste versoek ek dat smeking, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word.” Heel eerste beteken hier “die heel belangrikste”. Paulus het al reeds ander opdragte aan Timoteus in die brief gegee. Die heel belangrikste opdrag wat Timoteus en die gemeente in Efese kry, is om vir alle mense te bid. ’n Kerk wat nie bid nie, kan nie sy werk doen nie.

Ons kry die opdrag om vir alle mense te bid. Moet ons vir elke liewe mens op aarde by die naam bid? Dit is onmoontlik. As ons “alle mense” hier reg verstaan, gaan ons “alle mense” in vers 4 ook makliker verstaan. Daar staan: “wat wil hê dat alle mense verlos word.”

In Efese was daar mense wat redding net tot ’n spesifieke groepie wou beperk. Hulle het geglo dat dit net mense met die regte geslagsregister is, wat gered word.

Vandag beperk mense graag ook redding tot ’n sekere groep. Sommige sal sê dat dit net belangrike mense is wat gered word. Ander sal sê dat dit net blanke Afrikaners is wat gered word.

Die Evangelie is vir alle mense – ongeag jou taal, jou kleur, jou kultuur, of jou status in die samelewing. As jy dink redding is net vir ’n spesifieke groepie mense bedoel, gaan jy net vir daardie groepie bid. Ons kry die opdrag om vir alle mense te bid, want die Evangelie gaan na alle mense toe uit.

In 1 Timoteus 2:2 word daar ’n voorbeeld van ’n groep mense gegee: “Vir konings en vir almal wat gesagsposisies beklee.” Bid vir die regering.

Nou kan mens vra: Moet ons vir ’n regering bid wat goddeloos is, mense besteel en net hul eie belange op die hart dra? Wat weet Paulus en die gelowiges in Efese nou eintlik van swak regerings? Hulle ken nie ons regering nie.

Hulle ken nie ons regering nie. Hulle ken veel erger. In die tyd wat 1 Timoteus geskryf was, was keiser Nero aan bewind van die Romeinse Ryk. 'n Wrede godslasteraar wat gelowiges gewelddadig vervolg het en hulle die skuld vir 'n klomp probleme gegee het. Steeds kry die gemeente in Efese die opdrag om vir die regering te bid.

Ons sien deur die geskiedenis hoe gelowiges onder die ergste vervolging vir regerings gebid het. Gelowiges weet dat alle gesag van God af kom. God het aan regerings 'n spesifieke taak gegee. Selfs wanneer hulle nie getrou is in daardie taak nie, bid ons vir hulle, want God het hulle daar gestel.

Dit beteken nie ons gehoorsaam hulle in alles nie. As 'n regering van ons iets verwag wat teen God se wil is, mag ons dit nie doen nie.

Waarom word juis regeerders hier as 'n voorbeeld van "alle mense" genoem? Omdat hulle dikwels die mense is wat nie voor gebid word nie, maar geskel word. Omdat baie mense met die gedagte lewe dat regeerders nie gered kan word nie. Omdat mense dink dat hulle die vyand is.

Ons moet beseft dat goddelose mense wat goddelose dinge doen, dit doen omdat hulle onder die mag van die duiwel is. Hulle is nie die vyande nie. Hulle is in die mag van ons groot vyand. Ons Here Jesus het die groot vyand reeds oorwin.

Daarom bid ons vir ons regering en alle mense. Ons tree in vir hulle en vra God om vir hulle te gee wat hulle nodig het om hul werk te doen. Ons vra Hom om hulle getrou in hul werk te maak. Ons doen dankgebede vir hulle, soos ons in 1 Timoteus 2:1 beveel word.

Ons dank die Here dat Hy regerings daar sit om die boosheid van die mens terug te hou. Ons dank Hom dat Hy regerings daar sit en dat Hy oor hulle regeer en hulle gebruik om ons te louter in hierdie lewe. Ons dank Hom vir regerings, want in hulle gebreke verlang ons na die wederkoms van ons volmaakte Koning Jesus. Wanneer hulle hul werk doen, sien ons hoe die Here wil hê dinge gedoen moet word.

Bid jy vir alle mense? Bid jy vir jou vyande? Bid jy vir die regering? Wanneer jy met meegevoel volhard in gebed vir iemand, gaan jy sukkel om daardie persoon as jou vyand te sien.

Wat is die gevolg as ons vir die regering bid? In die laaste deel van 1 Timoteus 2:2 staan: “Sodat ons ’n rustige en stil lewe, in alle godvresenheid en waardigheid, kan lei.” Wanneer ons vir regeerders bid en hulle doen hulle taak, kan ons as kerk fokus op ons roeping op aarde. Dan word ons nie deur onnodige inmenging van hulle kant af gehinder nie. Dan kan ons daarop fokus om as gelowiges tot God se eer te lewe.

As kerk moet ons vir alle mense bid. Ook vir mense wat ons dalk as ons vyande kan sien. Ook vir die regering.

God wil hê dat alle mense verlos word

Waarom bid ons vir alle mense? In 1 Timoteus 2:3 staan: “Dit is goed en reg in die oë van God, ons Verlosser.” God wil hê ons moet vir alle mense bid. Vir alles wat hulle mag nodig het. Die grootste nood van elke mens, is om gered te word. Elke mens is ’n slaaf van die sonde en moet losgekoop word as hy wil lewe.

God wil hê ons moet vir die grootste nood van alle mense bid – om gered te word, om Hom te leer ken en om Hom dan volgens die waarheid van sy Woord te dien.

Daar staan in 1 Timoteus 2:4: “God wil hê dat alle mense verlos word en tot kennis van die waarheid kom.” God wil hê die Evangelie moet aan alle mense verkondig word. Hy wil hê almal moet hoor. Hy wil nie hê mense moet verlore gaan nie.

In Esegieël 33:11 staan: “So seker as wat Ek leef, is die uitspraak van my Heer, die HERE: Ek vind geen vreugde in die dood van die goddelose nie, maar wel vreugde daarin dat ’n goddelose terugkeer van sy pad, en leef. Keer terug, keer terug van julle bose paaië!”

God wil hê alle mense moet verlos word. Hoewel die Evangelie na alle

mense toe uitgaan, verwerp sommige die Goeie Nuus. Kies hulle om in die sonde te volhard. Dit is mense se eie verantwoordelikheid en skuld as hulle verlore gaan.

Hoe God se uitverkiesende genade en sy liefde vir die wêreld en Hy wat wil hê dat alle mense verlos word en die feit dat Hy heilig en regverdig is en die sonde straf en mense verantwoordelik hou vir hul eie verwerping en veroordeling, alles by mekaar pas, is 'n diepe geheimenis vir ons. Ons glo wel al hierdie dinge, want God openbaar dit alles aan ons in sy Woord.

Ons moet verwonderd voor Hom staan. Die woorde van Romeine 11:33-34 uitroep: “O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, en hoe onnaspeurbaar sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken? Of wie het as sy raadsman opgetree?”

As bewys dat die Evangelie vir alle mense is, het Jesus Christus as Middelaar aarde toe gekom en Homself as losprys vir almal gegee. Hy het gewillig gekom en versoening kom bring tussen God en mens. Hy het die prys betaal om aan God se regverdige oordeel te voldoen. Hy het die losprys betaal sodat mense nie meer slawe van die sonde is nie, maar kinders van God.

Dit is Hy wat aan almal verkondig word. Paulus is om hierdie rede deur die Here na die heidennasies toe gestuur om die Evangelie aan hulle te verkondig. So wys God dat die Evangelie vir alle mense is. Hy wil hê alle mense moet verlos word. Tog is daar mense wat nie verlos word nie, omdat hulle Hom verwerp.

Ons moet vir alle mense se verlossing bid. Is dit waarvoor jy bid? Wil jy graag hê dat alle soorte mense verlos word? Of dink jy redding is net bedoel vir mense wat soos jy lyk en soos jy praat? Bid ons vir alle mense en gaan dan as kerk en verkondig die Evangelie aan alle mense? Of besluit ons self wie verdien om die Goeie Nuus te hoor?

Elkeen wat in Jesus Christus glo, is gered. Die Evangelie het na ons toe gekom deur getroue, gestuurde verkondigers. Ons het dit nie verdien nie.

God wys sy liefde op hierdie manier. Hoe kan ons dit vir onself wil hou?

Laat ons vir alle mense bid. Laat ons bid dat hulle gered kan word. En laat ons gaan en die Goeie Nuus met hulle deel. Die kerk se sukses in ons roeping hang nie van slim strategieë of menslike vermoëns af nie, maar van God. Daarom bid ons!

Bid as verlose in afhanklikheid

Ons het nou al reeds gesien dat ons beveel word om te bid vir alle mense. Ons het ook gesien dat ons veral vir hul verlossing moet bid. Ons gaan nou kyk na die houding waarmee ons bid.

In 1 Timoteus 2:8 staan: “Ek verwag van die mans dat hulle op elke plek sal bid, met heilige hande omhoog, sonder woede en rusie.” Waarom word die mans spesifiek genoem? Want God het man en vrou geskep. Hy het vir die man en die vrou verskillende rolle gegee.

Die Here wil hê die mans moet leiding neem met aanbidding en in godsdiens. Daarom roep Hy mans om in die ampte te dien.

Wat word met “heilige hande omhoog” bedoel? Beteken dit dat dit al manier is hoe ons moet bid?

Ons kry in die Bybel verskillende liggaamshoudings wat mense inneem om te bid. Hierdie houdings word nie as ’n wet gegee nie.

Ons lees bv. op ’n paar plekke in die Ou Testament dat gelowiges met opgehefte hande gebid het. In 1 Konings 8:22 lees ons: “Toe het Salomo voor die altaar van die Here gaan staan, reg voor die hele geloofsgemeenskap van Israel. Hy het sy hande na die hemel uitgestrek.” Ons lees in Psalm 63:5: “So sal ek U prys in my lewe; in U Naam sal Ek my hande ophef.” Om met opgehefte hande te bid, was ’n gebruik onder die Jode en die vroeë kerk.

Ons kry ook voorbeelde van mense wat staan in gebed. In Lukas 18 lees ons van die Fariseër en die tollenaar wat staan en bid. In Genesis 18:22 staan Abraham voor die Here. In 1 Samuel 1:26 lees ons Hanna se

woorde: “Ek is die vrou wat hier by gestaan het om tot die Here te bid.”

Ons lees ook van mense wat kniel. Ons lees bv. in Daniël 6:11 van Daniël wat drie keer op ’n dag op sy knieë gegaan het.

Ons lees ook van mense wat gesig eerste voor die Here neerval. Dink bv. aan die melaatse wat genees is in Lukas 17 en voor die Here neergeval het om Hom te dank.

Die verskillende liggaamshoudings waarmee gebed word, word nie as wet gegee nie, daarom verskil gebruike van plek tot plek. Hierdie liggaamshoudings moet die innerlike ingesteldheid weerspieël.

Die manier waarop ons bid, wys wat ons van gebed en God dink. Daar sal daarom niks verkeerd daarmee wees om jou hande op te hef in gebed nie. Die houding wat ons met ons liggame inneem in gebed, moet getuig van eerbied vir God, afhanklikheid van Hom en onderwerping aan Hom.

Die heilige hande waarmee gebed moet word, wys veral op hande wat doen wat die Here wil hê. Dit is ’n belangrike herinnering aan ons dat ons gelowig moet bid. Ons kan nie deur die week lewe soos ons wil, rusie maak en mense indoen en dan in die erediens bid asof ons niks verkeerd gedoen het nie.

Iemand wat in Jesus glo, stry teen die sonde. Iemand wat in Jesus glo en deur Hom verlos is, se lewe gaan anders lyk.

Ons bid as mense wat God se genade ontvang het. Mense wat weet dat ons nie God se goedheid verdien nie. Mense wat net deur Jesus losgekoop is van die sonde. Ons bid in afhanklikheid. Ons bid met die sekerheid dat God ons hoor.


Ons Here Jesus het Homself vir ons kom gee. Hy is nie selfsugtig nie. God is nie selfsugtig nie. Daarom mag ons ook nie wees nie. Daarom fokus ons nie net op onself nie, maar op ander mense ook.

Mag die Here ons deur sy Gees lei om nie selfsugtig in ons gebede te wees nie, maar om vir alle mense te bid. Mag Hy ons lei om vir mense se grootste nood te bid: hulle verlossing. Mag Hy ons lei om in diepe

afhanklikheid as mense wat verlos is te bid. Mag ons aanhou vir ander mense bid. Ook vir die regering. Mag ons ander se belange op die hart dra. Dít is goed en reg in die oë van God, ons Verlosser.

DIE GODGEGEWE ROL VAN VROU IN DIE KERK

1 TIMOTEUS 2:8-15



*1 Timoteus 2:12 “Ek laat nie toe dat ’n vrou
onderrig gee, of oor ’n man gesag uitoefen nie;
sy moet haar stil gedra.”*

Diskriminerend. Seksisties. Verkeerd. Hierdie kan tog nie meer vandag geld nie? As ons hierdie gedeelte lees, is hierdie gedagtes wat deur baie mense se koppe gaan. Man en vrou is tog gelyk en vry in Christus, so hierdie het niks vir ons te sê nie. Waarom daarna luister? Paulus was heel duidelik net ’n chauvinis en het vroue niks gegun nie.

Dalk reageer baie mense op hierdie manier op gedeeltes soos hierdie en 1 Korintiërs 11 en 1 Korintiërs 14 omdat ons al so ver agter die wêreld

aangeloop het. Selfs baie kerke sal sê dit wat hier staan nie letterlik opgeneem moet word nie. Vroue kan en mag en moet enigiets in die kerk kan doen.

As ons vashou aan wat God sê, gaan ons beseft dat hierdie gedeelte glad nie diskriminerend is nie. Die opdrag in hierdie gedeelte is nie gegrond in Paulus se eie voorkeur of in die situasie van die Efesiërs waar Timoteus predikant was nie, maar in die orde waarmee God geskep het. God gee aan man en vrou verskillende rolle. Ook in die kerk. As ons volgens hierdie orde leef, sal ons ware vervulling beleef.

Kom ons kyk na die opdrag wat aan die vrou gegee word. Daarna kyk ons na die motivering vir die opdragte. Laastens kyk ons die belofte van redding en vervulling.

Die opdrag aan vroue

Vers 9 begin met die woorde: “So ook moet die vroue”. Dit gryp terug na vers 8 waar daar gesê word hoe die mans moet optree wanneer hulle bymekaar kom om in die erediens te bid.

Nes mans se liggaamshouding wys wat in hul binneste aangaan en nes mans se liggaamshouding wys wat hul van God en gebed en aanbidding dink, moet vroue se kleredrag wys wat hulle van aanbidding dink. Die uiterlike moet die innerlike weerspieël.

In 1 Timoteus 2:9 staan: “So ook moet die vroue hulleself versier met behoorlike kleredrag, beskeie en sober, nie met haarvlegsels en goud of pêrels of duur klere nie.” Behoorlik, beskeie, sober. Die gelowige vrou se kleredrag moet anders as die wêreld s'n lyk. Dit moenie uitlokkend of selfgesentreerd of uitspattig wees nie, maar gepas. 'n Gelowige vrou moenie so aantrek om al die aandag op haarself te fokus nie, want aanbidding gaan oor God en nie die mens nie.

Beteken dit dat gelowige vroue hulself glad nie mag mooimaak of moeite doen met hul voorkoms nie? Hoegenaamd nie! Die mooimaak en

versorging moet wel anders as die wêreld se manier lyk en moet pas by 'n vrou wat sê dat sy in die Here glo.

Ongelukkig glo die wêreld dat 'n vrou so uitlokkend en so min as moontlik moet aantrek om aandag te kry en om aanvaar te word. Hierdie is 'n goeie plek om die jong, gelowige dames te herinner dat ware skoonheid van binne af kom. Moenie die leuen van die wêreld glo dat jy so min en so uitlokkend as moontlik moet aantrek om aanvaar te nie. Die regte vriende en die ook regte man, as dit die Here se wil vir jou lewe is, sal na ander dinge as die wêreld kyk.

Die gelowige vrou behoort aan die Here en lewe vir Hom. Die vrou wat aan Christus behoort lyk anders as 'n straatvrou.

Sy doen dit nie as 'n wet om gered te word nie. Sy doen dit omdat sy gered is en omdat die Heilige Gees haar hart verander het om daarop te fokus om die Here deur goeie werke te dien.

Vroue, versorg julleself. Doen moeite met julle voorkoms. Die Here het julle mooi gemaak. Moet dit wel nie op so 'n manier doen dat jy soos die wêreld lyk of dat jy al die aandag op jouself wil hê of dat jy wil wys hoe ryk jy is nie.

Kleredrag is belangrik vir die Here se kinders. Ons is anders, daarom lyk ons anders.

In 1 Timoteus 2:11-12 staan: “'n Vrou moet haar stilweg laat onderrig, in volle gehoorsaamheid. Ek laat nie toe dat 'n vrou onderrig gee, of oor 'n man gesag uitoefen nie; sy moet haar stil gedra.”

'n Vrou moet haar stilweg laat onderrig. Die vrou en die man moet hulself laat onderrig. Die vrou en die man moet geleer word wat God se Woord beteken en wat dit vir hul lewens inhou. Deel van ons Here Jesus se opdrag aan sy dissipels in Matteus 28:18-20 voor sy hemelvaart was tog: “en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”

As gelowige kom die vrou na die erediens om geleer te word. Dit verg voorbereiding. Dit verg die gewilligheid om jou onder die gesag van die

een wat onderrig gee te plaas. Nie omdat hy belangriker as jy is nie, maar omdat die Here hom daarvoor geroep het.

1 Timoteus 2:12 is baie duidelik: “Ek laat nie toe dat ’n vrou onderrig gee, of oor ’n man gesag uitoefen nie.” Wie is dit wat gesag uitoefen en onderrig gee in die samekomste van die gemeente? Onder wie se toesig kom gelowiges in die erediens bymekaar? In 1 Timoteus 5:17 staan: “Laat die ouderlinge wat goed leiding gee, dubbele eer ontvang, veral diegene wat hard werk aan die woordverkondiging en onderrig.”

Dit is die ouderlinge wat gesag uit oefen. Hulle bedien die Here se gesag in sy gemeente. Hulle het die taak om te waak oor die Here se kudde. Dit is ’n ouderling wat onderrig gee. Die predikant is ’n lerende ouderling.

Waar die gemeente saam is in die erediens, mag ’n vrou nie gesag uitoefen en onderrig gee nie. Die eenvoudige implikasie daarvan is dat ’n vrou nie ’n ouderling of predikant mag wees nie.

Betekén dit dat ’n vrou glad nie mag onderrig gee nie? Glad nie! Ons het voorbeelde in die Bybel van vroue wat ander onderrig het. Hulle het dit wel nie in die samekomste van die gemeente gedoen nie.

Ons lees bv. van Timoteus se ma en ouma in 2 Timoteus 1:5: “Ek dink steeds aan jou opregte geloof, daardie geloof wat eers in jou ouma Loïs en in jou moeder Eunice was – ek is oortuig dat dit ook in jou is.” Sy ma en sy ouma het hom geleer van die Here. Hulle het hom die Evangelie geleer.

Ons lees bv. ook van Priscilla wat saam met haar man Akwila vir Apollos onderrig het in Handeling 18:26: “Hy het met vrymoedigheid in die sinagoge begin preek. Toe Priscilla en Akwila hom hoor, het hulle hom huis toe geneem en vir hom die Weg van God nog duideliker uiteengesit.”

Ons lees in Titus 2:4-5 van die ouer vroue wat die jonger vroue moet onderrig: “sodat hulle die jong vroue kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, verstandig, kuis, toegewy aan hulle huishoudings, goedaardig, onderdanig aan hulle mans, sodat die woord van God nie belaster word nie.”

Daar is nog ander voorbeelde van vroue in die Bybel wat deur die

Here gebruik word. Maar nie om sy gemeente met gesag te onderrig as 'n ouderling nie.

Die Here verwag van gelowige vroue om ook met hul kleredrag te wys dat hulle aan Hom behoort. Hy verwag van gelowige vroue om hulself stil te laat leer. Vers 12 kwalifiseer vers 11. Daarom verwag die Here nie van 'n vrou om doodstil in die erediens te wees nie, vroue en mans sing tog saam tot God se eer, maar Hy laat nie 'n vrou toe om as 'n ouderling gesag uit te oefen en onderrig te gee nie.

Die motivering vir die opdrag

Sommige mense kan sê dat hierdie opdrag maar net Paulus se persoonlike voorkeur was. Of hulle kan sê dat dit 'n opdrag is wat vir die gemeente in Efese gegeld het, maar nie meer vir ons vandag geld nie. Sommige sal sê dat ons net moet kennis neem van hierdie gedeelte – maar vandag mag ons maar vroue as ouderlinge en predikante hê.

Nes die res van die Woord, is hierdie is nie 'n menslike opinie wat gegee word nie. Wanneer Paulus onder leiding van die Heilige Gees in vers 12 sê: “Ek laat nie toe nie”, is dit 'n opdrag wat met gesag gegee word. Nie gesag omdat dit Paulus is wat dit sê nie, maar omdat hy 'n apostel van die Here was. Omdat die Here hom gestuur het om sy Woord aan mense bekend te maak. Dit is nie Paulus wat sy eie mening gee nie, hy verkondig God se Woord met God se gesag.

Hierdie opdrag gaan ook nie net oor die Efesiërs se situasie nie. Dan sou hul omstandighede as motivering vir die opdrag gegee word.

Ons kry die motivering vir die opdrag in 1 Timoteus 2:13-14: “Adam is immers eerste geskep, daarna Eva. En Adam is nie mislei nie, maar die vrou het haar laat mislei, en het 'n oortreder geword.”

Die opdrag dat vroue nie mag leer en regeer in die kerk nie, die opdrag dat vroue nie ouderlinge mag wees nie, is in God se skeppingsorde gegrond. Hierdie opdrag geld vir ons ook.

Adam is eerste gemaak. Toe maak die Here vir Eva as 'n hulp wat by hom pas, soos dit in Genesis 2:18 staan. Eva word met 'n ander rol as Adam geskep. Eva word gemaak om op Adam gefokus te wees, om hom te ondersteun om sy doel te bereik. Dit is hoe God man en vrou van die begin af gemaak het.

Dit beteken hoegenaamd nie dat Eva minderwaardig is nie. God noem Homself immers ook die Hulp van sy kinders. Verder lees ons in Genesis 1:27: “God het die mens geskep na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskep, manlik en vroulik het Hy hulle geskep.” Man en vrou is gelykwaardig voor God en na sy beeld geskep.

Dit is iets wat ons Here Jesus herstel het na die sondeval. Daarom lees ons in Galasiërs 3:28: “Daar is nou nie meer Jood of Griek, nie meer slaaf of vryman, nie meer MANLIK EN VROULIK nie; want julle is almal een in Christus Jesus!” God gee geloof en redding aan man en vrou. Ons is gelykwaardig voor Hom.

Tog het Hy ons met verskillende rolle gemaak. Al is die wêreld hoe deurmekaar en al probeer die wêreld hoe hard om hierdie rolle tot niet te maak, bly hierdie rolle waarmee ons gemaak is geld – Eva bly Adam se hulp wat by hom pas. Of soos dit in die 2020-vertaling staan in Genesis 2:18: “sy helper, sy gelyke.”

Wat het met die sondeval gebeur? Eva het nie binne haar rol opgetree nie, maar is deur die slang mislei en sy het Adam oortuig om van die vrugte te eet. Adam het nie binne sy rol opgetree nie en hom deur sy vrou laat lei en het saam met haar van die vrugte geëet. Die sondeval was weens die mens se ongehoorsaamheid aan God se gebod en die mens wat nie binne die rolle wat God gegee het, opgetree het nie.

Dit is opmerklik dat God vir Adam verantwoordelik hou. Na die sondeval toe God Adam en Eva opsoek wat vir Hom wegkruip, lees ons in Genesis 3:9: “Die HERE God het na die mens geroep en vir hom gevra: Waar is jy?”

Ons lees ook in Romeine 5 dat daar na die mens, Adam, se oortreding verwys word. Daarom het ons Here Jesus as die tweede Adam gekom: Waar daar deur die eerste Adam dood gekom het, is daar lewe deur die tweede Adam. Die Evangelie, die Goeie Nuus is vir alle mense. Daar is vergewing vir man en vrou.

Die verskillende rolle wat die Here gee is nie in persoonlike omstandighede of in die sondeval gegrond nie, maar in die skeppingsorde. God maak man en vrou met verskillende rolle. Daarom word die opdrag in 1 Timoteus 2 gegee dat 'n vrou nie mag gesag uitoefen en onderrig gee nie.

Hierdie opdrag geld vandag steeds vir die Here se kerk. Die Here het ons verlos om as sy kerk te leef. Om te leef op die manier wat Hy beveel. Die wêreld gaan ons spot en selfs vervolg hieroor. Sommige gelowiges gaan glad nie hieroor saamstem nie. Maar dit is wat God wil hê. Dit is hoe ons gemaak is.

'n Skrifgedeelte soos hierdie roep natuurlik die mans op om vurig voor te loop. Om ruggraat te hê en om verantwoordelikheid te neem.

Die belofte van redding en vervulling

Dit is 'n groot onreg wat jy aan iemand doen as jy van hulle verwag om iets te doen waarvoor hulle nie gemaak is nie. Dink nou maar net as jy van 'n voëltjie sou verwag om soos 'n vis onder water te leef. Of van 'n vis om bo die water in 'n boom te leef. Dit is gevaarlik. Net so is dit om van iemand te verwag om iets te doen waarvoor hulle nie gemaak is nie.

Dit is hartseer as kerke vroue as ouderlinge en predikante wil hê. Hulle is nie daarvoor gemaak nie. Hulle gaan iets van hul skoonheid en vrouwees moet prysgee om dit te kan doen. Hulle gaan nooit ware vervulling beleef nie.

Dit is waarom hierdie gedeelte met 'n belofte eindig in 1 Timoteus 2:15: “Maar sy sal verlos word te midde van kindergeboorte, mits hulle volhou om gelowig, liefdevol, heilig en ingetoë te leef.”

Hierdie vers beteken nie dat 'n vrou net gered word as sy 'n kind sou kry nie. Redding kom uit genade, deur geloof. Daar is baie gelowige vroue wat nie getroud is nie en baie wat, al wil hoe graag 'n kind hê, nie kinders kan hê nie.

Die belofte wat hier gegee word, is dat die vrou wat haar roeping uitleef in die rol wat die Here haar gee, sy genade sal ervaar. As sy gelowig volhard, sal sy verlos word.

Betekendit dat 'n vrou glad nie iets anders mag doen nie, maar dat sy net by die huis moet bly en kinders kry? Glad nie. Vroue kan en mag werk. Hul bereik hoë hoogtes in hul beroepe. 'n Vrou se werk mag wel nie veroorsaak dat sy haar rol as vrou prysgee of haar roeping as vrou en ma afskeep nie. Nes 'n man nie sy roeping om man en pa te wees, mag afskeep nie.

Vrouwees is kosbaar. Die Here het die vrou as die man se kroon gemaak. In 1 Korintiërs 11:7 word die vrou die sieraad van die man genoem. Laat ons die vroue in ons lewens op pas. Laat ons hulle veilig hou. Laat ons hulle waardeur vir alles wat hulle doen. Laat ons die ma's wat so baie vir hulle kinders opoffer, daarvoor prys. Hulle is besig om 'n ondankbare werk tot die Here se eer te doen.

Mans, julle moet julle vroue liefhê. Julle moet verantwoordelikheid neem. Julle moet voorloop. Dit is hoe Adam geskep is.

Vroue, hou aan om die Here te dien op die manier wat Hy beveel. Vind julle vreugde daarin om op goeie werke te fokus. Lewe as profeet, priester en koning in Christus. Lewe jou geloof binne en buite die gemeente uit. Moenie vaskyk in die roeping wat die Here aan sekere mans gee en dink dit is wat jy moet doen nie. Die wêreld mag dalk dink dat daar eer aan iemand gegee word as hy 'n ouderling is, maar hy is 'n ouderling om te dien.

Die Here het jou anders as die man gemaak. Hy het jou vir iets anders gemaak. Ook daarin is Hy vir jou genoeg.

Die opdrag wat ons kry is eenvoudig en duidelik. Die Here wil nie hê dat vroue ouderlinge en predikante moet wees nie. Hierdie opdrag is nie op 'n mens se persoonlike mening gegrond of op 'n gemeente se unieke omstandighede gerig nie. Hierdie opdrag rus op die orde waarmee God man en vrou geskep het.

Hierdie opdrag geld vir ons ook. Daarom moet ons vreugdevol gehoorsaam daaraan wees. Daarom mag ons nie ter wille van aanvaarding en gewildheid in die wêreld, die Here se Woord hieroor verdraai nie.

Mag ons, as mans en as vrouens, die Here wat ons verlos het, Jesus Christus, aanbid soos ons in die Woord beveel word. Mag ons ons vreugde en vervulling vind in die rolle wat Hy vir ons gegee het.

Mag ons op hierdie manier kerk wees wat Hom behaag.

DIE AMPSDRAERS VAN GOD SE GEMEENTE

1 TIMOTEUS 3:1-13, 5:17-20

1 Timoteus 3:2a,8a: “’n Opsiener moet onberispelik wees ... Net so moet diakens hulle waardig gedra.”

In 1 Timoteus word Timoteus en die gemeente waar hy bedien het, herinner hoe die Here wil hê dinge in sy kerk moet loop. Die sleutelvers van die brief, 1 Timoteus 3:15, sê: “Maar as ek verdraag word, moet jy weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God.”

Nadat daar aandag gegee is aan die rolle van mans en vroue in die gemeente, word daar nou aandag aan die ampsdraers gegee.

Nou kan jy vra: Waarom daarop fokus? Omdat daar dikwels verwarring is oor wie ’n ampsdraer behoort te wees en wat sy werk is.

Sommige mense lewe met die gedagte dat jy net enigiemand moet kies om die getalle vol te maak. Daar is 'n vakante wyk – so nou moet iemand gekies word as ouderling en diaken net om te kan sê daar is nie meer 'n vakante wyk nie. Ander sal sê: Dalk gaan die roeping tot die amp die persoon motiveer om vir 'n slag bietjie betrokke te raak. As jy mense sou vra wat die werk van ouderlinge en diakens is, gaan jy waarskynlik die antwoord kry: Die ouderling kom kuier so nou en dan vir my en die diaken hou die sakkie vas vir die kollekte in die erediens.

Kom ons kyk na die ampsdraers van die gemeente: Wat is hulle taak, wat behoort hul karakter te wees en wat is die doel waarmee hulle dien.

Op hierdie manier gaan ons besef dat dit groot genade is dat die Here vir sy kerk ampsdraers gegee het.

Die taak van die ampsdraer

In 1 Timoteus 3:1 staan: “Dié uitspraak is betroubaar. As iemand na 'n amp as opsiener streef, begeer hy 'n goeie taak.” Die werk van die ouderling word 'n goeie taak genoem. Dit is nie 'n gewone taak nie, jy werk in die Here se kerk en jy werk met mense wat ewig gaan lewe. Waar jou aardse werk een of ander tyd gaan ophou, waar die impak wat jy by 'n werk op aarde gemaak het dikwels vinnig vergeet word, gaan die werk as ampsdraer waarde hou.

Dit word 'n taak genoem, want dit vra inspanning en opoffering. Dit vra van jou om jou prioriteite reg te kry: Hierdie is nie iets om te doen nadat jy alles anders gedoen het en dan rammel jy dit af nie.

Johannes Calvyn sê tereg: Dit is 'n taak, nie 'n titel nie. Sommige mense het die idee dat om 'n ampsdraer te wees net 'n titel is wat hul kan gebruik om belangrik te lyk. Om voor in die koor op Sondae te wees. Dit is 'n taak. Dit vra inspanning. Jy kan dit nie doen as jy nie bereid is om die Here se kerk te dien nie.

Hoewel hierdie Skrifgedeelte hoofsaaklik op die karakter van die ampsdraers fokus, kan ons uit die name wat vir hulle gebruik word baie aflei oor wat hul werk is.

'n Opsier is 'n ander woord vir 'n ouderling. Titus gebruik bv. die twee woorde saam in Titus 1. In vers Titus 1:5 praat hy van “ouderlinge” en in dieselfde asem gebruik hy in Titus 1:7 die benaming “opsiener”.

'n Opsier is iemand wat met groot sorg na iets kyk. 'n Ouderling is iemand wat geroep is om met groot sorg na God se gemeente te kyk. Hy word geroep om toesig te hou, om te versorg, om te bewaar.

Ouderlinge moet regeer, soos dit in 1 Timoteus 5:17 staan. Hierdie regering beteken nie dat hulle baas moet speel en ander onderdruk nie. Hierdie regering beteken dat hulle in groot liefde moet voor loop en die Here se gemeente moet lei. Hulle moet seker maak dat alles in die gemeente loop soos die Here dit wil hê.

Die woord opsier wys in die Ou Testament op die Here wat mense genadig besoek. So, wanneer 'n ouderling jou bedien, besef dat dit nie iemand is wat net kuier en uit eie gesag kom nie. Dit is iemand wat deur die Here gestuur is om jou te bedien. Die Here werk deur sy ampsdraers.

Die predikant is ook 'n ouderling, maar hy het die spesifieke taak om die gemeente te leer. 1 Timoteus 5:17-18 gee die beginsel dat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig is, veral die wat arbei in woord en leer. Dit beteken dat die mense wat geroep word om die gemeente te leer, deur die gemeente versorg behoort te word. Die predikant wat die Evangelie verkondig, moet uit die Evangelie leef.

Die Goeie Herder, ons Here Jesus, wat sy lewe vir ons afgelê en weer opgeneem het, roep onderherders, ouderlinge, om sy gemeente te lei en versorg.

Wat is die diakens se taak? Ook uit die naam “diaken” kry ons baie duidelike riglyne oor hulle taak.

In sy eenvoudigste vorm beteken diaken om iemand te dien. Om in groot liefde iemand te bedien. Die diakens moet die gemeente op 'n fisiese vlak versorg met die middele wat die Here deur die gemeente gee.

Interessant genoeg word dieselfde woord (diaken) in die oorspronklike taal op verskillende plekke vir die dienswerk van gelowiges gebruik. Elke

gelowige word geroep om ander gelowiges waarlik lief te hê en hulle selfopofferend te dien. Die diakens moenie al die dienswerk namens die gemeente doen nie, maar sorg dat dit gedoen word.

Die liefdesdiens van die diakens en die gemeente word deur liefde vir Christus en sy gemeente gedring.

Dink mooi daaraan wanneer jy jou liefdegawe vir die diens van barmhartigheid in die erediens gee. Dit wat ons gee gebruik die Here deur die diakens om verantwoordelik vir mense te sorg wat in fisiese nood is.

Ouderlinge bedien die gemeente deur te regeer en voor te loop, deur te sorg dat alles in die gemeente gaan soos die Here dit wil hê. Die predikant, as lerende ouderling, leer lidmate wat die Here se wil vir hul lewens is. Diakens bedien die gemeente, versorg mense in fisiese nood en maak seker dat die gemeente hul liefde vir mekaar daadwerklik uitleef.

Die karakter van die ampsdraer

Hierdie is nie take wat enigiemand kan doen nie. Die Here roep spesifieke mans daartoe en rus hulle deur sy Heilige Gees toe. Waarna moet ons kyk om te weet of iemand geroep is? Hier word in 1 Timoteus 3 'n lys eienskappe genoem.

Hierdie eienskappe kan saamgevat word met die begin 1 Timoteus 3:2 en die begin van 1 Timoteus 3:8: “'n Opsier moet onberispelik wees ... Net so moet diakens hulle waardig gedra.”

Om onberispelik te wees, beteken om bo verdenking te staan. Dit beteken dat daar niks is wat jou vasgryp en jou lewe oorheers nie. Dit beteken dat daar nie iets is wat jou dienswerk en bediening van die Here se gesag kan ondermyn nie. Jy moet 'n gelowige man met 'n gelowige karakter wees.

Selfs mense buite die gemeente moet kan sien dat jy integriteit het. Dit beteken nie dat mense buite die gemeente noodwendig gaan saamstem met die Evangelie wat jy glo en waarvolgens jy lewe nie, maar dit beteken dat ander mense moet kan sien dat jy betroubaar is. 'n Ouderling

mag daarom nie deur die week maak soos hy wil, mense met besigheid indoen, die een wees wat die meeste drink, sy vrou en kinders verniel en dan Sondae ewe vroom in die erediens wees nie.

In 1 Timoteus 5:19 staan: “Moenie ’n klag teen ’n ouderling aanvaar nie, behalwe as twee of drie getuies dit kan bevestig.” Daar gaan altyd mense wees wat iets te sê het oor die Here se kerk, die lidmate en die ampsdraers. Daarom kry ons die mooi beginsel dat ons nie net enigiets wat van ’n ampsdraer gesê word, glo nie. Eers as daar duidelike bewyse en getuies is, moet ons dit glo en dan reg teen die ampsdraer optree. Daarom staan daar in vers 20: “Berispe in almal se teenwoordigheid diegene wat aanhou sondig, sodat die ander ook afgeskrik kan word.”

Sien julle hoe relevant die Here se Woord is? Dit is asof hierdie woorde spesifiek vir ons geskryf is wat in ’n gemeenskap lewe waar die skinderstories vinniger vlieg as wat die vlakke van beurtkrag verander. Moenie enigiets net glo nie. Moenie self skinderstories versprei nie. Slegs wanneer daar genoeg getuies en bewyse is, moet die kerkraad iets daaraan doen.

Ampsdraers moet onberispelik en waardig wees. Hoor julle dat daar nie staan dat ampsdraers sondeloos moet wees nie? As dit die geval was, sou daar nooit ampsdraers en nooit ’n kerk kon wees nie. Ampsdraers is ook net mense. Hul het ook sonde en gebreke. Soos alle gelowiges moet hul teen die sonde stry en aan Christus vashou. Hulle moet ’n voorbeeld vir ander hierin wees, omdat hulle ampsdraers is en omdat hulle voorloop in ’n gemeente.

Kom ons kyk na van die kenmerke waaraan ’n ampsdraer moet voldoen:

- Hy moet die man van een vrou wees. As ’n ampsdraer getroud is, moet hy getrou aan sy vrou wees. Efese se samelewing was soos ons samelewing deur losbandigheid gekenmerk. ’n Ampsdraer moet getrou aan sy vrou wees, hy moenie agter ander vrouens aanloop nie. Die Here het ons gered om Hom ook met ons liggame te dien en ampsdraers moet

'n voorbeeld vir die gemeente hierin wees. Die Here verbied nie leiers in sy kerk om te trou nie. Die idee wat die Roomse kerk bv. gehad het dat hul priesters nie mag trou nie, is onbybels.

- Hy moet nugter wees en nie verslaaf aan wyn nie. Die Here verwag nie van ampsdraers en gelowiges om glad nie enigiets met alkohol te doen te hê nie. Paulus sê tog vir Timoteus in 1 Timoteus 5:23: “Moenie langer net water drink nie, maar gebruik 'n bietjie wyn vir jou maag en jou gereelde ongesteldhede.” Die ampsdraer moet vol van die Heilige Gees wees en deur Hom gelei word – nie deur drank nie. In sommige gevalle in die openbaar, waar mense hulself in die gewoonlik stormdronk drink, is dit wys vir 'n ampsdraer om glad nie daar iets te drink nie.
- Hy moet ingetoë, fatsoenlik en gasvry wees. Nie uit twee monde praat nie, nie bakleierig wees en nie rykdom najaag nie. Hy moet anders as die wêreld lyk! Sy deur moet altyd oop wees vir mense in nood.
- 'n Ouderling moet bekwaam wees om te onderrig. Dieselfde opdrag word in Titus 1:9 gegee: “Hy moet hom hou aan die betroubare woord, in ooreenstemming met die lering, sodat hy deur die gesonde leer kan bemoedig, en ook hulle wat dit teengaan, verkeerd kan bewys.” Ouderlinge moet die Bybel ken! Sodat hul lidmate met die Woord kan bedien en sodat hulle die dwaalleer wat maar altyd in oorfloed daar is, kan bestry deur die Woord. Ampsdraers se lewens moet wys dat die Evangelie hulle verander het. Ampsdraers moet lewe wat hulle glo.
- Ampsdraers moet hul eie huise goed regeer. Die ampsdraer moet as hoof van sy huishouding leef. Hy moet sy vrou liefhê en dien. Hy moet sy vrou lei in aanbidding van die Here. Hy moet sy kinders liefhê en leer.
- Ampsdraers moet al 'n ruk lank gelowiges wees en volwasse in die geloof wees. In 1 Timoteus 3:6 staan: “Hy moet nie 'n pasbekeerde

wees nie, sodat hy nie verwaand word, en in dieselfde oordeel as die Duiwel beland nie.” Iemand wat maar onlangs tot geloof gekom het en dadelik die groot verantwoordelikheid gegee word om leiding te neem, kan maklik hoogmoedig raak en tot ’n val kom.

- Ampsdraers moet eers ’n proeftyd deurmaak. Daar moet seker gemaak word dat hulle onberispelik is. Daarom kondig ons bv. die name van manne wat voorgestel word om in die ampte te dien, vir 3 Sondag af om by die gemeente seker te maak of daar nie iets is wat hul verhoed om ampsdraers te word nie.

As ampsdraers aan hierdie vereistes voldoen en hul werk met groot toewyding doen, sal hulle ’n eervolle plek in die gemeente hê en vrymoedigheid in hul geloof. Mense sal hulle waardeer vir wat hulle doen en hul sal al hoe meer hul geloof kan uitleef.

In vers 1 Timoteus 3:11 staan: “Net so moet vroue waardig wees, nie skindertonge nie, sober, betroubaar in alles.” Hoe moet ons hierdie vers verstaan? Wie is die vroue van wie hier gepraat word?

Mense wat beweer dat hierdie gedeelte sê dat vroue diakens moet wees, doen hierdie gedeelte ’n oneer aan. Daar staan tog duidelik in 1 Timoteus 3:12 dat die diakens manne van een vrou moet wees. Hoe kan ’n vrou die man van een vrou wees? Vroue en mans moet die gemeente dien met hulle gawes, maar ons hoef nie ’n ouderling of diaken te wees om dit te doen nie. Ons almal staan in die amp van die gelowige.

As 1 Timoteus 3:12 nie beteken dat vroue diakens moet wees nie, wat beteken dit dan? Daar is twee eenvoudige verklarings:

Die een verklaring is dat die vroue wat hier genoem word, die spesifieke weduwees van 1 Timoteus 5 is wat gekies is om versorgingswerk in die gemeente te doen.

Die ander verklaring is dat die vroue wat in 1 Timoteus 3:11 genoem word, die vroue van die ampsdraers is. Dit maak heeltemal sin, want as ’n

ampsdraer se vrou onbetroubaar is, graag skinder en kla oor die gemeente en haar man se bedieningswerk, kan sy die bediening groot skade berokken.

Ampsdraers moet onberispelik en waardig wees. Dit beteken nie dat hulle sondeloos is nie, maar dit beteken dat hulle lewens nie deur sonde beheer word nie. Hulle moet kan voorloop in die gemeente.

Die doel van die ampsdraer

Waarom het die Here ampsdraers vir sy gemeente gegee? Wat is die doel waarmee hulle werk? Die doel word in 1 Timoteus 3:5 gegee: Hulle moet na die gemeente van God omsien. Hulle moet sorg dat die gemeente, mense wat in die Here glo, naby aan die Here bly.

In sy genade roep ons Here Jesus, die Groot Herder van sy skape, onderherders om sy skape te versorg. Hy rus hulle toe met sy Heilige Gees. Hy gee vir hulle die nodige gawes. Hulle doen nie al die werk van die gemeente nie, maar hulle sorg dat dinge reg loop en al die lidmate hul geloof uitleef. In Efesiërs 4:12-13 staan: “Om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, om die liggaam van Christus op te bou, totdat ons almal kom tot eenheid in geloof en in kennis van die Seun van God, en tot ’n volwassenheid wat in ooreenstemming is met die volgroeiende gestalte van die volheid van Christus.”

Die ampsdraers se werk is nie om lidmate gelukkig te hou nie. Hul werk is nie om lidmate te pamperlang en gemaklik te hou nie. Hul werk is om te sorg dat die Here se gemeente in die geloof groei en om te sorg dat sy gemeente eenheid beleef: Ware liefde vir ons Here en vir mekaar. Die Here wat ons duurgekoop het met sy bloed, wys sy liefde aan ons deur ampsdraers te gee om ons te lei.

Hoe behoort ek teenoor die ampsdraers van die gemeente op te tree? Sommige tree met ’n kritiese agterdog op. Hulle hou die ampsdraers aan ’n sondelose standaard wat die Here nie doen nie. Dit mag nie. Ander maak dit vir die ampsdraers bitter moeilik om hul werk te doen, want ander dinge is altyd belangriker as bv. ’n huisbesoek deur ’n ouderling.

Ons behoort vir die ampsdraers te bid, hulle te waardeer vir dit wat die Here deur hulle doen en hulle te eer. Daarom sê Hebreërs 13:7: “Hou altyd julle leiers in gedagte, die wat die woord van God aan julle verkondig het; gee ag op die uiteinde van hulle lewensloop, en neem hulle geloof as voorbeeld.”

Mag die Here die ampsdraers opnuut laat besef wat 'n groot verantwoordelikheid hulle dra. Mag die Here ons opnuut te laat besef hoe groot sy genade is dat Hy ampsdraers in ons lewens geplaas het. Mag die Heilige Gees ons lei om God te dank, vir die ampsdraers te bid en om met groot vreugde onder hulle leiding te leef.

STAAN GELOWIG VAS TE MIDDE VAN DWAALLEER EN AFVALLIGHEID

1 TIMOTEUS 4:1-5

1 Timoteus 4:1 “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste dae sommige mense van die geloof afvallig sal word, omdat hulle hulle ophou met dwaalgeeste en die leringe van demone.”

Ons lewe in ’n tyd waar daar baie leuens verkondig word wat voorgehou word as die waarheid. Baie stories word vertel wat mense van hou om te hoor. Sels al verskil hierdie leuens heeltemal met die Bybel, mag ons niks daarvoor sê nie. Anders is ons liefdeloos. Wie is ons om te sê ons het die waarheid? Wat maak die verskille dan nou saak? Moenie dat verskille in

leer in die pad staan van ons verhouding met mekaar nie. Solank almal sê ons glo in die Here, is daar mos nie 'n probleem nie.

Wanneer mense hierdie leuens wat verkondig word, glo en dan hul rug op die waarheid van die Woord draai en ander dinge begin glo en doen, is ons dikwels verbaas.

Nadat die kern van die Evangelie in 1 Timoteus 3:16 gegee is, word ons in 1 Timoteus 4 geleer dat ons nie verbaas moet wees as mense afvallig word nie. Verder word ons geleer dat die inhoud van ons geloof wat verkondig word, belangrik is. Enige ander leer wat in stryd met die Evangelie is, rus nie maar net op meningsverskille nie – hierdie ander leer is demonies.

Hoe sien ons nie vandag hoe daar allerhande leuens verkondig word met 'n Christelike sousie wat daarvoor gegooi word nie?! Dwaalleraars is uiters gewild en maak baie geld – want hulle sê wat mense wil hoor. Hulle is miskien gewild, maar hulle leer lei tot afvalligheid.

Tussen al die dwaalleer en leuens, het ons die roeping om vas te staan in die geloof. God gee vir ons wat ons nodig het om dit te kan doen.

Kom ons kyk eers na die Gees wat uitdruklik sê dat sommige afvallig sal word. Daarna kyk ons na die ware oorsprong van dwaalleer. Laastens kyk ons na hoe ons kan vasstaan in die geloof te midde van dwaalleer en afvalligheid.

Die Gees sê uitdruklik dat sommige afvallig sal word

In 1 Timoteus 4:1 staan: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste dae sommige mense van die geloof afvallig sal word.” Die Heilige Gees is nie onduidelik nie. Hy sê duidelik, eenvoudig en sonder twyfel dat sommige afvallig sal word. Ons moenie verbaas wees wanneer dit gebeur dat mense afvallig word nie. Dit maak ons harte seer, maar dit moet ons nie verbaas nie.

Om afvallig te word beteken om 'n verhouding met God te verlaat,

om jouself nie meer by die Here te skaar nie. Wanneer jy afvallig word, verwerp jy dit wat jy voorheen gesê het jy glo.

Mense wat afvallig word, is mense wat deel is van 'n gemeente, hou van wat hulle hoor, maar nie waarlik glo nie. Dit is van hierdie mense wat ons in Lukas 8:13 met die verklaring van die gelykenis van die saaiër lees: “Die saad wat op die klipbank val, is daardie mense wat die woord met blydschap aanneem wanneer hulle dit hoor, maar hulle het nie wortel geskiet nie. Hulle glo net 'n rukkie, en wanneer hulle op die proef gestel word, sak hulle uit.” Die saad van die Woord skiet nie wortel in hulle harte nie. Hulle glo nie waarlik nie.

Hier is nie sprake van iemand wat waarlik in die Here glo en dan sy geloof verloor nie. Dit is onmoontlik, want geloof is 'n geskenk van God af. Die mense wat afvallig word, is mense wat nooit regtig geglo het nie. Dit is vir hulle lekker om te voel hulle behoort iewers, maar die oomblik wat die lewe moeilik raak of wat hulle besef dat geloof jou iets gaan kos, draai hulle die rug op die Here.

Wanneer gebeur hierdie afvalligheid? 1 Timoteus 4:1 sê dit gebeur in die laaste dae. Hierdie laaste dae is nie eers eendag nie – dit is reeds vandag. Wanneer die Bybel van die laaste dae praat, word daar na die tyd tussen ons Here Jesus se hemelvaart en sy wederkoms verwys.

Ons kry in die Nuwe Testament voorbeelde van mense wat afvallig geword het. In 1 Timoteus 1:19 en 20 kry ons die voorbeeld van Himeneus en Aleksander: “met geloof en 'n goeie gewete – iets wat sommige mense versaak het, waardeur hulle geloof skipbreuk gely het. Onder hulle is Himeneus en Aleksander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.”

Ons kan nie aan 'n beter voorbeeld dink in die Bybelse tyd as Judas Iskariot nie. Hy het Jesus geken, saam met Hom gelewe. Hy het sy prediking gehoor en die wonderwerke wat Hy gedoen het, gesien. En tog het hy teen Hom gekies en Hom verraai en verwerp.

Mense raak afvallig omdat hulle nie waarlik glo nie en dan agter mense wat sê wat hulle wil hoor, aanloop. Die dwaalleraars se boodskappe klink gewoonlik oulik en laat jou belangrik en goed oor jouself voel. Hulle verkondig iets anders as die Evangelie, die Enigste Boodskap wat redding en lewe bring.

Al praat die dwaalleraars dikwels mooi en al is hul boodskap dikwels lekker om te hoor, gee hulle glad nie vir die mense wat na hulle luister om nie. Hulle is skynheilige leuenaars. Hulle is akteurs wat voorgee dat hulle oor mense omgee en die Here dien, maar hulle lewe net vir hulleself. Hulle verdraai die waarheid.

Hul gewetens is toegeskroei. Hulle voel nie skuld en berou oor die leuens wat hulle verkondig nie. Hulle glo dat dit wat hulle verkondig, die waarheid is.

Dwaalleer gaan nie oor klein verskille wat daar tussen gelowiges mag wees nie, dit gaan oor die kernwaarhede wat God in sy Woord aan ons openbaar.

Daar gaan mense afvallig word. Dit maak ons baie hartseer, maar dit moet ons nie verbaas nie. Ons moet ook nie dink ons moet die Evangelie aanpas om mense gelukkig te hou en te hoop hulle bly deel van die kerk nie.

Daar was altyd en gaan altyd dwaalleraars wees. Mense wat iets anders as die Evangelie verkondig. Mense wat maak asof hulle glo en maak asof hulle vir mense omgee, maar nie doen nie. Mense wat die leuens wat hul verkondig self glo.

Dwaalleer is demonies

Wat is die oorsprong van die dwaalleer? Is dit net mense wat op hul eie besluit hul wil iets anders verkondig en glo? In die laaste deel van 1 Timoteus 4:1 staan: “Omdat hulle hulle ophou met dwaalgeeste en die leringe van demone.”

Dwaalleer is demonies. Dit kom van die duiwel af. Enige boodskap wat

die waarheid van God se Woord verwerp, enige boodskap wat 'n streep trek deur die dinge wat God sê, kom van die duiwel af.

Dit is mense, dikwels oulike en hooggeleerde mense wat die leuens verkondig, maar die ware oorsprong van die dwaalleer, is die demone.

Dit is die duiwel en sy trawante wat so graag die waarheid verdraai en probeer om mense weg te lok van die Here af. Dit is tog hoe die duiwel van die begin af werk! Het hy nie in Genesis 3:1 vir Eva gevra: “Is dit werklik so dat God gesê het?” nie? Van die begin af verdraai hy die waarheid, probeer hy God tot leuenaar maak en sê hy vir die mens wat die mens wil hoor.

Van die begin af kom hy met wette onder die dekmantel van vryheid. Luister na meeste dwaalleraars: Hulle verkondig vryheid, maar onder die oppervlak probeer hulle jou aan nuwe wette bind.

Dit was by die Efesiërs waar Timoteus predikant was, presies dieselfde. Daar staan in 1 Timoteus 4:3: “Hulle verhinder mense om te trou, en laat hulle sekere kossoorte vermy.” Hulle het geglo dat die fisiese sleg is en dat jy net op die geestelike moet fokus.

Hulle sê dat God jok. God wat die huwelik ingestel het. God wat alles geskep het en aan sy kinders die vryheid gee om alle kos met danksegging te geniet.

Waarom is juis hierdie twee dinge – die huwelik en kos – so belangrik? Deur die huwelik aan te val, word die beeld van Christus se verhouding met sy kerk aangeval. Deur die vryheid wat ons in kos het, aan te val, word die feit dat ons nie onself kan red deur wette nie, maar dat ons slegs deur ons Here Jesus gered word, aangeval.

Deesdae is die aanslag teen die huwelik ook groot. Waar God die huwelik ingestel het tussen een man en een vrou, waar God van die man en vrou verwag om in die huwelik iets van die verhouding tussen Christus en sy kerk te wys, waar God die huwelik gegee het sodat die mens onsedelikheid kan vermy en heilig kan lewe en waar God aan die man en vrou

spesifieke rolle in die huwelik gegee het, word iets heeltemal anders – ook in kerke – verkondig:

Die huwelik is nie net vir een man en een vrou bedoel nie. Daar is nie iets daarmee fout as 'n man met 'n man of 'n vrou met 'n vrou in 'n verhouding wil wees nie. Liefde is liefde. Die kerk moet dit aanvaar. Die Bybel is verkeerd. Die huwelik is 'n menslike instelling, so die mens kan self besluit hoe hy in die huwelik wil lewe. Jy hoef nie in die val by die rolle wat God vir die huwelik gegee het nie. Wil jy nie jou vrou self-opofferend dien nie? Wil jy nie die hoof van jou vrou wees nie? Wil jy nie vreugde in jou rol as vrou om jou man te ondersteun vind nie? Wil jy nie onderdanig wees en jou man eer nie? Dis alles OK – elkeen kan doen wat hulle wil. Wil jy saam slaap al is jy nie getroud nie? Dis reg so – jy het vryheid!

Vandag is die aanslag teen redding deur Christus Alleen net so groot. Daar word verkondig dat jy 'n klomp goed moet doen om jouself te red. Jy en die Here werk saam aan jou redding.

Kom ons noem hierdie dinge wat dit is. Kom ons wys na die oorsprong van hierdie dwaalleer soos Paulus hier in 1 Timoteus 4 onder leiding van die Heilige Gees doen: Dit is demoniese leuens. Dit staan lynreg teenoor God se Woord. Dit lei tot afvalligheid. Dit is gevaarlik.

Staan gelowig vas

Hoe staan ons gelowig vas in 'n tyd waar mense doen wat hulle wil, waar enigiets verkondig word en waar demoniese dwaalleer uiters gewild is omdat dit is wat mense wil hoor?

Die Here wat ons losgekoop het deur sy kosbare bloed, die Here wat sy lewe gegee het sodat ons lewe kan hê. Die Here wat opgestaan het uit die dood en ons in sy oorwinning laat deel. Die Here wat opgevaar het na die hemel toe en as Koning regeer. Die Here wat eendag weer kom om ons in volle heerlikheid by Hom te hê. Het sy Heilige Gees vir ons gestuur.

Die Heilige Gees wat ware geloof in ons harte gewerk het. Die Heilige Gees wat ons lei en vertroos. Die Heilige Gees wat maak dat ons in alles aan Jesus Christus vasgryp. Hy lei ons om vas te staan te midde van dwaalleer en afvalligheid.

Daarom het Hy ons deel van die Here se kerk gemaak en gee Hy vir ons ampsdraers om ons naby die Here en sy Woord te hou – soos ons in 1 Timoteus 3 geleer het.

Hier in 1 Timoteus 4 kry ons riglyne oor hoe ons vas kan staan: Ons glo waarlik, ons ken die waarheid en ons lewe dankbaar en biddend.

- Ons glo waarlik. Geloof is om die waarheid van die Evangelie te ken en jou eie te maak! Om te weet dat mens net deur Jesus Christus gered word en dat wanneer jy gered is, dit is sodat jy Hom kan dien. Deur die Here waarlik te ken en deur jou vertrou op Hom te plaas in alles en nie op jouself of ander mense of ander dinge nie, kan jy vasstaan in die geloof.
- Ons ken die waarheid. In 1 Timoteus 4:3 word gelowiges “diegene wat die waarheid insien” genoem. Jy kan nie sê dat jy ’n gelowige is, maar jy ken nie die waarheid nie.

Deel van die waarheid is dat God alles goed gemaak het en dat ons as sy kinders alle soorte kos kan geniet. Jy kan nie as gelowige vasstaan as jy nie die waarheid ken nie, as jy nie ’n punt daarvan maak om die Here se Woord te ken nie en as jy nie ’n punt daarvan maak om dwaalleer te vermy nie.

Vra jouself: Watter stories kyk ek? Watter boeke staan op my boekrak? Na watter predikers luister ek?

Dwaalleer is lewensgevaarlik. Maak ’n punt daarvan om vol te word van die Woord, om onder die suiwer verkondiging van die Woord in die erediens te kom. Bestudeer die Woord, oordink die Woord, luister na die uitleg van die Woord. Jy kan nie vasstaan sonder die Here se

kerk nie. Maak seker dat alles wat aan jou verkondig word uit die Woord uit kom.

- Ons lewe dankbaar en biddend. Ons geniet alles wat God gee met danksegging. Deur nie so vas te kyk in die uitdagings en probleme van ons lewens dat ons vergeet dat die Here ons liefhet het en vir ons sorg nie. Herinner jouself daaglik aan alles wat die Here vir jou gee. Herinner jouself daaglik daaraan dat jy uit genade gered is. Dat jy die ewige dood verdien, maar dat jy in Jesus Christus die ewige lewe het.

Ongelukkig word baie mense se lewens deur ondankbaarheid gekenmerk. Mense is kwaad vir die Here omdat Hy nie vir hulle gee wat hulle wil hê nie. Pasop, 'n ondankbare lewe sonder gebed lei weg van die Here af, want dan gaan die leuens van die dwaalleraars en duiwels mooi klink wat sê dat die Here net wil hê dat jy gelukkig, ryk en gesond moet wees. Ons staan vas teen dwaalleer deur op ons knieë te staan.

Die Here wat ons gered het, lei ons deur sy Heilige Gees om gelowig te volhard te midde van afvalligheid en dwaalleer.

Sommige mense gaan afvallig word. Dit maak ons hartseer, maar moet ons nie verbaas nie. Sommige mense gaan eerder agter dwaalleraars aanloop. Hierdie dwaalleraars verkondig leuens en gee nie vir mense om nie. Hulle glo self die leuens wat hulle verkondig. Agter die leuens sit die duiwel en sy magte wat mense graag weg van die Here af wil lok.

In sy genade lei die Here wat ons gered het, ons deur sy Heilige Gees om vas te staan in die geloof. Ons doen dit deur ware geloof, deur die waarheid van die Woord te ken en deur dankbaar en biddend te lewe.

Mag ons aanhou vasstaan. Mag ons as die Here se kerk nie bang wees om op te staan en dwaalleer uit te wys nie. Mag ons met groot ywer die waarheid ken deur die Bybel te bestudeer en in die erediens te kom. Mag ons altyd dankbaar wees dat die Here ons gered het en dat ons ewig aan Hom behoort.

LET OP JOU LEER EN LEWE

1 TIMOTEUS 4:6-16

1 Timoteus 4:16: “Wees noulettend op jouself en die leer; volhard daarin; want sodoende sal jy jouself red en ook hulle wat na jou luister.”

Hoe moet ’n gemeente bedien word deur ’n predikant en watter tipe bediening moet ons as gelowiges soek? Hierdie is nie net vrae wat ons in ons tyd moet vrae nie, maar vrae wat deur die geskiedenis van die kerk gevra is.

Tien teen een vrae wat Timoteus homself afgevra het toe hy begin het om die gemeente in Efese te bedien. Daar was baie dinge wat hom skrikkerig vir die bediening kon maak. Baie dinge wat hom kon laat dink hy moet groot en indrukwekkende dinge doen Om mense se guns wen.

Die gemeente in Efese is deur Paulus self begin. Onder leiding van die Gees het hy die gemeente vir drie jaar lank bedien. Nadat hy daar weg

is, het hy die gemeente se ouderlinge gegroet in Handeling 20 en hulle gewaarsku dat daar wrede wolwe gaan kom om die gelowiges te verskeur. Hy het hulle gewaarsku dat daar van hulle eie mense gaan begin om dwaalleer te verkondig en mense weg te lok. Dit het toe ook gebeur.

Nou moet Timoteus die gemeente bedien. Hy was jonk en onervare. Moet hy nou planne maak om mense terug te lok? Moet hy probeer om gewild te wees sodat die gemeente kan groei? Moet hy oulike stories vir die mense vertel om hulle gelukkig te hou?

Die antwoord op hierdie vrae is: Nee! Timoteus moes daarop fokus om Godvresend te lewe en om die waarheid van die Woord te verkondig. Dit is hoe hy 'n goeie dienaar van Christus sal wees.

Kom ons kyk na hierdie twee dinge waarop hy moes fokus. Dinge waarop ons ook moet fokus: Let op jou lewe. Let op jou leer. Laastens gaan ons kyk na die belofte wat gegee word: So sal jy jouself en ander red.

Let op jou lewe

Leer en lewe kan nie van mekaar geskei word nie. Mense lewe graag met die idee dat leer en lewe, of teorie en praktyk, in stryd met mekaar is. Maar die Bybel ken nie so iets nie. In die Bybel word ons geleer dat leer en lewe hand-aan-hand loop. Jou leer, dit wat jy glo en verkondig, en jou lewe, die manier hoe jy optree, is beide belangrik.

In vers 1 Timoteus 4:6 word Timoteus herinner met watter fokus hy sy werk as predikant moet doen. Dit is dieselfde fokus waarmee elkeen van ons moet leef. Ons moet daarop fokus om goeie diensknegte van ons Here Jesus te wees. Diensknegte, want ons lewens gaan daaroor om te dien! Diensknegte van ons Here, nie van mense nie.

Timoteus moes nie daarop fokus om mense gelukkig te hou of om mense te lok nie. Hy moes daarop fokus om te doen wat ons Here Jesus van hom verwag. Net so moet ons ook nie daarop fokus om mense gelukkig te hou of om te probeer om gewild te wees nie. Ons dien die Here Jesus.

Hoe doen ons dit? In hierdie gedeelte word 'n paar maniere genoem, maar dit word saamgevat in die gedagte wat ons in 1 Timoteus 4:7 kry: “Oefen jouself om Godvresend te leef.” Om Godvresend te leef beteken om in elke opsig van jou lewe te leef met God wat oor jou regeer. Om alles wat jy doen met die besef te doen dat God die sê daaroor het.

Om Godvresend te lewe, is iets waarin ons onself moet oefen. Dit is iets waarin ons moet groei. Dit bevat troos: Ons is nog nie volmaak nie, so ons moet onself nie aan onmoontlike standaarde meet nie. Dit bevat ook die opdrag: Oefen. Doen moeite. Span jouself in. Om een of ander rede is ons bereid om soveel tyd te spandeer en mikpunte te stel en opofferings te maak om in ander aspekte van ons lewens te groei, maar ons verwag ons geloof moet maar self groei. Groei vra harde werk. Daarom staan daar in 1 Timoteus 4:10: “Hiervoor werk ons hard en stry ons.”

Soos ons op 'n Godvresende lewe fokus en soos ons ons inspan, gaan ons groei. Timoteus moes vir die gelowiges 'n voorbeeld hierin wees. Daar staan in 1 Timoteus 4:15: “Lê jou toe op hierdie dinge, leef daarin, sodat jou vordering vir almal duidelik kan wees.” Deur self in die Godvresendheid te groei is die predikant vir die gelowiges 'n voorbeeld om na te volg. Hulle leer deur sy lewe ook. Deur self in Godvresendheid te groei sou Timoteus gemaak het dat mense nie op hom neersien nie. As mense sy erns sien, sal hulle nie dink dat hulle nie na hom hoef te luister nie.

Hoe groei ons in Godvresendheid? Deur ouvroustories te vermy, deur ons hoop op God te plaas, deur ons gawes te gebruik en deur in ons persoonlike lewens vir God te lewe.

Waar die dwaalleraars in Timoteus se tyd soveel stories versprei het om mense te lok, kry hy die duidelike opdrag in 1 Timoteus 4:7: “Vermy goddelose en dwase mites.” Moet niks met die ouvroustories van die dwaalleraars te doen hê nie. Moenie saam daarvoor praat nie. Moenie die verkondiging en verspreiding daarvan toelaat nie.

Timoteus kon die fout maak om te dink as hy die stories toelaat en

saam daaroor gesels, sal mense self vir die waarheid kies. Hy kon die fout maak om te dink hy moet net “nice” wees oor die dwaalleer en dan sal dit weggaan.

Hoe maklik maak ons nie hierdie fout nie. Ons duld enige storie wat versprei word. Ons luister na enigiemand wat hulself as ’n kenner voordoen op sosiale media. Ons versprei boodskappe op Whatsapp van mense wat die vreemdste bewerings maak en glo dat net hulle die waarheid het. In plaas daarvan om net die rug daarop te draai.

Ons groei verder in Godvresendheid deur ons hoop op God te plaas. Hy is die Een wat ons verlos. Om jou hoop op God te plaas beteken om in alles net op Hom te vertrou. Om vas te hou daaraan dat God doen wat Hy beloop en dat Hy sal sorg dat jy ewig saam met Hom lewe.

Dit is waarom Godvresendheid ’n belofte vir die huidige en toekomstige lewe inhou. Wanneer ons naby God leef as sy kinders, weet ons dat Hy vir ons in hierdie lewe sorg. Wanneer ons naby God leef, groei ons ook in ons sekerheid dat ons ewig aan Hom behoort.

Waar die dwaalleraars daarop gefokus het om sekere uiterlike dinge te vermy – jy mag sekere goed nie eet nie, jy mag nie trou nie, ens. – fokus die gelowige op die innerlike. Ware verandering kom uit die hart uit. In 1 Timoteus 4:8 staan: “Liggaamlike oefening is wel in ’n geringe mate nuttig, maar godvresendheid is nuttig in alle opsigte.”

Ons groei verder in Godvresendheid deur ons gawes te gebruik. God gee aan elke gelowige ’n besondere gawe. Die gawe is nie vir onself bedoel nie, maar is bedoel om die Here se kerk mee te dien. Waar Timoteus die gawe gekry het om die gemeente uit die Woord uit te onderrig, word hy in 1 Timoteus 4:14 beveel: “Moenie die genadegawe in jou verwaarloos wat deur die profesie aan jou geskenk is toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het nie.”

Dit was duidelik dat Timoteus die gawe gekry het om ’n Woordverkondiger te wees, daarom het die ouderlinge hom die hande opgelê. So het

hulle gewys dat dit God is wat die gawe en die verantwoordelikheid gee.

Timoteus moes hom aan Woordverkondiging toewy. Hy moes nie ander planne probeer maak nie. Hy moes nie ander gelowiges se werk wat hulle met hulle gawes moes doen, vir hulle doen nie. Hy moes sy gawe gebruik. Net so moet ons ook. Elkeen van ons het 'n gawe ontvang en elkeen van ons is nodig. As jy nooit by die gemeente is nie en as jy nooit jou gawe aanwend nie, dan ly die hele gemeente daaronder. Verder gaan jy ook nie in die Godvresendheid groei nie.

Ons groei ook in Godvresendheid deur in ons persoonlike lewens vir die Here te lewe. Daar staan in 1 Timoteus 4:12: “wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in gedrag, in liefde, in betroubaarheid, in reinheid.”

Vra jouself af: Kan ander uit my woorde hoor dat ek God dien? Kan ander in my optrede sien dat ek Hom dien? Kan ander sien dat ek waarlik lief is vir God en ander? Is ek betroubaar? Doen ek wat ek sê? Probeer ek om rein te lewe?

As Woordverkondiger moes Timoteus let op sy lewe. Alle Woordverkondigers moet let op hul lewens en vir die gelowiges 'n voorbeeld wees. As gelowiges moet ons groei in Godvresendheid.

Let op jou leer

Ons kan nie reg lewe sonder die regte leer nie. Ons het die regte kos nodig om te groei. Dit is waarom 1 Timoteus 4:6 dit duidelik maak dat die diensknege van die Here gevoed word met die woorde van die geloof en die goeie leer.

In 1 Timoteus 4:11 kry Timoteus die opdrag: “Beveel en onderrig hierdie dinge.” Moenie dit as 'n moontlikheid voorhou nie. Moenie dit verkondig asof dit een van vele keuses is wat mense kan maak nie. Verkondig die waarheid met gesag!

Wat is “hierdie dinge”? “Hierdie dinge” is die Evangelie en hoe ons daarvolgens lewe. God se kinders sal nooit moeg raak vir sy Woord nie.

Dominees het nie nodig om hul eie stories uit te dink omdat hul bang is mense raak verveeld nie. Dominees moet ook nie bang wees om te sê “So sê die Here” nie, al is dit ongewild in sommige se oë.

Timoteus moes homself toelê op die verkondiging in van die Woord. In 1 Timoteus 4:13 staan: “Totdat ek kom, moet jy jou toelê op voorlesing, bemoediging en onderrig.” Hoe moes Timoteus die gemeente bedien? Hoe moes hy die dwaalleer teenstaan? Hoe moet enige predikant ’n gemeente bedien? Deur in die openbaar die Woord voor te lees, deur mense aan te spreek, te vermaan, te troos met die Evangelie en deur gelowiges die gesonde leer te leer. Predikante moet die Woord preek! Dit staan in die kern van hul roeping.

Predikante en gemeentes maak maklik die fout om te dink dit is die predikant se werk om die gemeente te bestuur, of om met soveel ander goed besig te wees dat Woordverkondiging afgeskeep word. Skeep die Woordverkondiging in ’n gemeente af en sien die verwoesting wat dit veroorsaak. Predikante en kerkraade moet sorg dat ’n predikant doen waarvoor hy geroep is. Wanneer daar erns met die Woordverkondiging gemaak word, spoel dit na alle ander fasette van die bediening oor.

Dit is nie net die predikant en kerkraad wat ’n verantwoordelikheid het nie, elke gelowige het ’n verantwoordelikheid. Die verantwoordelikheid om in ’n gemeente te wees waar die Woord suiwer verkondig word. ’n Gemeente waar jy aanhoudend met die Woord bedien word. As dit nie so gaan by jou gemeente nie, is jou predikant en kerkraad nie gehoorsaam nie. As jy nie in ’n gemeente is nie, is jy nie gehoorsaam nie. Jy kan nie as gelowige groei sonder die suiwer verkondiging van die Woord nie.

As jy in ’n gemeente is wat met erns met die Woord bedien word, het jy die verantwoordelikheid om in die erediens te wees.

Ons kan nie sonder die Evangelie leef nie. Ons moet gereeld dieselfde dinge hoor. Ons moet herinner word daaraan dat ons net in Jesus Christus lewe het. Dat Hy ons Verlosser is. Dat God vir ons sorg. Dat die Heilige

Gees in ons werk. Dat die Here 'n spesifieke manier van lewe vra.

Die lewe en leer van 'n Woordverkondiger is belangrik. Hierin moet hy 'n voorbeeld vir die gemeente wees. Die lewe en leer van 'n gelowige is belangrik! Deur die regte leer word ons gevoed om te lewe soos die Here dit wil.

So sal jy jousef en ander red

Aan die einde van 1 Timoteus 4:16 is daar 'n merkwaardige belofte: “So-doende sal jy jousef red en ook hulle wat na jou luister.” Deur te volhard in die regte lewe en die regte leer kan Timoteus homself en ander red.

Dit beteken nie dat hy as predikant nou een of ander Messias-figuur is en dat hy bepaal of mense gered word of nie. Dit beteken nie dat mense hul geloof op 'n predikant moet bou nie.

As Timoteus daarin gaan volhard om die Evangelie te verkondig en om die mense te leer wat dit beteken om as gelowiges te leef en as hy self as gelowige gaan leef, gaan dit uitloop op die ewige lewe.

Wanneer ons in Jesus Christus glo, word ons gered. Ons word gered tot 'n verhouding met God waarin Hy ons heilig maak en gereed maak om ewig saam met Hom te lewe.

As Timoteus gaan aanhou om die Woord te verkondig, gaan ander dit hoor en tot geloof kom. As hy gaan aanhou om die Woord te verkondig, gaan die gelowiges versterk word, sodat hulle kan groei en kan volhard totdat ons Here weer kom.

Dieselfde opdrag word in Filippense 2:12 gegee: “Werk met vrees en bewing aan julle verlossing.” Lewe as die verlose mense wat julle is.

Die belofte van die ewige lewe word aan die predikant en gemeente gegee wat in die basiese dinge volhard: Die verkondiging en aanhoor van die Woord en 'n lewe tot God se eer.

Al lyk dit op die oppervlak of gemeentes verskil, daar verskillende uitdagings is en daar baie is wat mens selfs kan intimideer, bly die Here se

opdrag aan die Woordverkondiger en die gemeente dieselfde. Verkondig die Woord en lewe volgens die Woord.

Dit is hoe Timoteus die gemeente in Efese moes bedien. Dit is hoe elke predikant elke gemeente waar hulle geroep is moet bedien.

Mag ons met groot vreugde na die Woord luister. Mag ons daarop fokus om in Godvresenheid te groei. Mag die Heilige Gees dit gebruik om ons te verseker dat ons ewig aan die Here behoort.

DIE VERSORGING VAN GOD SE HUISHOUDING

1 TIMOTEUS 5:1-16

1 Timoteus 5:1-3 “n Ouer man moet jy nie skerp berispe nie, maar vermaan hom soos ’n vader, en vermaan jonger mans soos broers, ouer vroue soos moeders, jonger vroue soos susters – en dit alleen met suiwer bedoelings. Betoon eer aan weduwees wat werklik alleen is.”

Paulus was nooit bang om sy kop in ’n spreekwoordelike byenes te steek nie. Dit is presies wat hy onder leiding van die Heilige Gees in hierdie gedeelte doen. Waar baie mense dink dat ons godsdienstig privaat is en waar baie dink dat ons godsdienstig net oor ons optrede teenoor God gaan, word

ons in hierdie gedeelte geleer dat ons godsdienste nie net oor ons optrede teenoor God gaan nie, maar ook oor ons optrede teenoor mekaar.

Die wet word saamgevat in 2 gebooië: Hê God bo alles lief en hê jou naaste soos jouself lief. Deur ons diens en liefde aan mekaar wys ons ons liefde vir God. Ons geloof gaan oor hoe ons mekaar elke dag daadwerklik in elke deel van ons lewens dien.

Ons godsdienste nie iets privaat waarvoor niemand iets mag sê nie. Die kerk het die roeping om gelowiges in alles te leer wat die Here se wil is. Ons word geroep om lief genoeg vir mekaar te wees om mekaar te vermaan en om saam uit die Woord te leer hoe geloof in ons alledaagse lewens lyk.

1 Timoteus 5:1-16 gaan oor twee belangrike aspekte van ons lewens. In die eerste plek word ons opgeroep om mekaar in liefde te vermaan. In die tweede plek word daar aandag gegee aan die weduwees in 'n gemeente: Hoe moet daar vir weduwees gesorg word?

Kom ons kyk na hierdie twee dele van hoe ons as gelowiges lewe. In die eerste plek gaan ons sien dat ons mekaar in liefde moet vermaan. Daarna gaan ons kyk na die verantwoordelikheid teenoor weduwees, maar ook die verantwoordelikheid van weduwees. Laastens gaan ons na een van ons motiverings kyk waarom ons lewe soos die Here dit wil hê: Dat daar geen aanleiding aan 'n teenstander gegee word om kwaad te praat nie.

Vermaan in liefde

In die hart van die eerste brief aan Timoteus lê 1 Timoteus 3:14-15: “Hierdie dinge skryf ek vir jou, in die hoop om binnekort na jou toe te kom. Maar as ek vertraag word, moet jy weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God: dit is die kerk van die lewende God, 'n pilaar en fondament van die waarheid.”

God wil hê dat ons op 'n spesifieke manier moet lewe as sy huishouding. Dit is goed om onself gereeld hieraan te herinner: Ons almal in die gemeente is deel van God se huishouding. Ons is lede van sy huisgesin.

Deur geloof is ons een met ons Here en ook een met mekaar. Ons is 'n gesin.

Waar Timoteus in die vorige gedeelte herinner is dat niemand op hom mag neersien omdat hy jonk is nie, word hy hier herinner dat dit nie beteken dat hy sy medegelowiges kan hanteer soos hy wil nie. Hy moet hulle in groot liefde en deernis vermaan.

Dadelik sien ons dat niemand te oud of te jonk is om vermaan te word nie. Waar ons kultuur soms die idee skeep dat iemand wat jonger is nooit iets mag sê vir iemand wat ouer is nie, maak hierdie gedeelte dit duidelik dat dit nie die geval is nie. Almal van ons het vermaning nodig. Almal van ons het nodig om uit die Woord te hoor hoe ons behoort te lewe. Almal van ons moet getroos en bemoedig word.

Ouer mans moet soos vaders vermaan word, met groot respek en liefde. Nie skerp en veroordelend nie. Ouer vroue moet soos moeders vermaan word. Met groot respek en liefde. Die jonger mans moet soos broers vermaan word. Nie as mense wat minderwaardig is nie. Die jonger vroue moet soos susters vermaan word. Nie as mense wat minderwaardig is nie. Hierdie vermaning moet met suiwer bedoelings wees. Ons vermaan nie mekaar om ons eie sin te kry nie. Timoteus moes bv. ook daarteen waak om nie iets anders by die jonger vroue in die gemeente te soek deur sy vermanings nie.

As ons lief is vir mekaar, sal ons mekaar vermaan wanneer een van ons nie volgens die Here se Woord lewe nie. As ons nie lief is vir mekaar nie, sal ons nie omgee wat met mekaar gebeur nie en ons sal mekaar in ons sonde los.

Die Here het ons vir mekaar gegee om mekaar naby aan Hom te hou. As huisgesin neem ons hierdie verantwoordelikheid ernstig op en vermaan mekaar in liefde.

Die verantwoordelikheid teenoor weduwees

Die gemeente in Efese het 'n hele paar weduwees gehad. Sommige was al

ouer en ander was jonger. Dit het die vraag by die gemeente laat ontstaan: Hoe moet ons vir die weduwees sorg?

Dwarsdeur die Ou Testament sien ons dat die Here van sy volk verwag het om die weduwees te versorg. In Deuteronomium 24:19 staan: “Wanneer jy jou oes op die land insamel en jy vergeet ’n gerf op die land, mag jy nie teruggaan om dit te kry nie. Dit moet vir die vreemdelinge, vaderloses en weduwees agterbly, sodat die HERE jou God al jou handewerk kan seën.”

In Jeremia 22:3 staan die opdrag aan die konings: “So sê die HERE: Laat reg en geregtigheid geskied, en red die wat beroof word uit die hand van verdrukkers. Vreemdelinge, vaderloses en weduwees moet julle nie mishandel of geweld aandoen nie, en onskuldige bloed moet julle nie vergiet in hierdie plek nie.”

In Maleagi 3:5 staan: “Ek sal na julle toe kom vir die oordeel en Ek sal sonder om te huiwer ’n getuie wees teen towenaars, egbrekers en wie vals sweer; teen hulle wat dagloners, weduwees en vaderlose kinders verdruk en hulle wat vreemdelinge wegwys en nie ontsag vir My het nie, sê die HERE, Heerser oor alle magte.”

Die vroeë kerk in die Nuwe Testament het ook gefokus op die versorging van die weduwees. In Handeling 6:1 staan: “Maar in die dae, toe die aantal dissipels al hoe meer geword het, het ’n gemor onder die Helleniste teen die Hebreërs ontstaan omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is.” Dit is hier waar ons die ontwikkeling van die diakenamp kry – om te sorg dat gelowiges in nood gehelp word.

Ons Here Jesus Self is vir ons die volmaakte voorbeeld van sorg vir weduwees. Terwyl hy aan die kruis hang, teen hierdie tyd was sy pa, Josef, al dood, en sy broers het nog nie in Hom geglo nie, praat Hy met sy ma, Maria en met Johannes in Johannes 19:26 en 27: “Toe Jesus sy moeder sien, asook die dissipel vir wie Hy lief was, wat by haar staan, sê Hy vir sy moeder: Vrou, kyk, daar is u seun! Daarna sê Hy vir die dissipel:

Kyk, daar is jou moeder! En van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.”

Ons wys ons liefde vir God veral ook deur die manier hoe ons hulle wat niks het nie, versorg. Die opdrag in 1 Timoteus 5:3 is duidelik: “Betoon eer aan weduwees wat werklik weduwees is.” Die woord wat met “betoon eer” vertaal is, kom op versorging neer. Dit beteken om vir hulle te gee wat hulle op ’n materiële vlak nodig het.

Dit is nie alle weduwees wat deur die kerk versorg moet word nie, maar slegs die weduwees wat waarlik alleen is. As ’n weduwee bv. kinders of kleinkinders het, moet hulle vir haar sorg, sodat die kerk vir die wat waarlik alleen is kan sorg.

Deur vir jou ouers en grootouers te sorg is jy besig om erns te maak met die 5de gebod. Die Here beveel ons duidelik dat ons ons vaders en moeders moet eer. Daar is nie ’n vervaldatum op hierdie gebod nie. Daarom verwys 1 Timoteus 5:4 na die versorging van weduwees as godsdienstige pligte en vergoeding.

Verder moet die weduwees wat versorg word ware gelowiges wees. Hulle moenie uitspattig leef en kyk om al hul liggaamlike behoeftes in alles te vervul nie. Hulle moet toegewyd aan God lewe.

In 1 Timoteus 5:7 staan: “Beveel hulle hierdie dinge, sodat hulle onberispelik kan wees.” Timoteus moes die gemeente geleer het dat hulle vir hul ouers moet sorg en hy moes die weduwees geleer het hoe God van hulle verwag om te lewe. Hierdie opdrag geld vir ons vandag steeds.

Soveel kinders skryf hul ouers af en gee glad nie meer vir hulle om nie. Soveel kinders vlug uit die land uit en los hul ouers hier alleen. Hulle probeer soms glad nie vir hulle ouers sorg nie. Hulle versak hul verantwoordelikheid en sê die kerk moet hul verantwoordelikheid nakom.

Net so kry jy sommige weduwees wat nou net vir hulself en hul plesier lewe. Hul sal sê dat hulle die Here dien – maar hul lewens wys dat hulle geestelik dood is.

Die kerk se roeping is om vir die ware weduwees te sorg: Hulle wat finansiële nood het omdat hulle nie meer 'n man het nie, of kinders het nie of nie 'n erfposisie ontvang het nie. Dié weduwees wat ware gelowiges is en wat op die Here vertrou.

Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor die ware weduwees. Deur hierdie verantwoordelikheid ernstig op te neem, doen ons wat God wil hê.

Die verantwoordelikheid van weduwees

Die weduwees het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die kerk. Net soos die kerk weduwees versorg, versorg weduwees die kerk met hulle gawes. Daar was by die gemeente in Efese 'n lys van dienende weduwees. Hierdie weduwees moes aan bepaalde vereistes voldoen. Hulle moes bekend wees vir hulle geloof en goeie werke.

Een van die vereistes wat dalk snaaks mag klink, is dat hulle ouer as 60 moes wees. 60 was gewoonlik die ouderdom wanneer mense in daardie dae afgetree het. Hulle moes dus weduwees wees wat tyd gehad het om hulself aan die bediening in die gemeente te wei. 60 was ook breedweg die ouderdom waarop seksuele begeertes begin afneem het.

Hierdie weduwees was diensbaar in die gemeente. Hulle het jonger gelowige vroue bv. geleer hoe om hul kinders groot te maak, hul huishoudings te bestuur en hul mans lief te hê. Hulle het mense besoek, siekes versorg, ens. Hulle het al hul tyd en aandag aan hierdie dienswerk spandeer.

Waarom moes die jonger weduwees nie op hierdie lys kom nie? Omdat hulle dalk nog die begeerte gehad het om te trou. As hulle dan sou trou, nadat hulle ingestem het om die Here as weduwee te dien, sou hulle hul belofte verbreek het.

Sommige jonger weduwees in Efese het in baie slegte, sondige gewoontes verval. In 1 Timoteus 5:13 staan: “Boonop kom hulle in die gewoonte om ledig te wees terwyl hulle van so van huis tot huis kuier, en is hulle nie net ledig nie, maar hulle skinder, en is bemoeisiek, en praat

oor onvanpaste sake.” Hulle het lui geraak en hul neuse in anders se sake gestee. Hulle het nie ’n skinderstorie gemis nie en gesorg dat dit soos ’n veldbrand versprei. Ledigheid is waarlik die duiwel se oorkussing.

Dis belangrik om te sien dat ’n weduwee wat weer trou nie minderwaardig gesien word in hierdie gedeelte nie. Intendeel, lees ons in 1 Timoteus 5:14: “Daarom verwag ek van jonger weduwees dat hulle moet trou, kinders kry, huishoudings bestuur en die teenstander geen geleentheid gee om kwaad te praat nie.”

Is hierdie net Paulus se opinie? Is hierdie maar net wat hy verwag? Nee. Hy skryf hier as apostel onder leiding van die Heilige Gees. Jonger weduwees word opgeroep om God te dien deur weer te trou en hul huishoudings goed te bestuur. Daar is niks daarmee verkeerd as ’n weduwee weer sou trou nie. Sy is nie besig om ontrou aan haar vorige man te wees nie.

Om weer te trou en besig te wees om die Here daarin te dien, sou ook die jonger weduwees teen dwaalleraars beskerm. As hulle net heeltyd lui was en geselsies gemaak het, sou hulle kwesbaar gewees het vir iemand wat met mooi storiëtjies gekom het. As hy boonop nog ogies gemaak het vir ’n vrou wat alleen is, sou die gevaar baie groter wees. Vroue is dikwels meer kwesbaar vir dwaalleer omdat hulle baie meer op die emosionele sake gefokus is as mans.

Weduwees het ’n verantwoordelikheid teenoor die kerk. Hulle word soos alle gelowiges geroep om God en mekaar met hul gawes te dien. Die ouer weduwees doen dit deur al hul tyd en aandag aan bediening in die gemeente te spandeer. Die jonger weduwees doen dit deur weer te trou en hul mans en gesinne daadwerklik lief te hê. Beide maniere is belangrik en aanneemlik vir God.

Gee geen aanleiding om kwaad te praat nie

Waarom is ons manier van lewe so belangrik? Waarom word daar soveel aandag aan die alledaagse lewe gegee in God se Woord? Omdat die manier

waarop gelowiges lewe, belangrik is, want dit wys wat ons glo.

As ek in Jesus as my Verlosser en Koning glo, is dit omdat die Heilige Gees my hart en lewe verander het. My hart en lewe gaan dit wys! Ons lewe nie meer in die sonde nie, maar stry daarteen. As ons sou sonde doen, vlug ons na Christus toe.

As ons sê dat ons glo, maar ons lewe nie anders nie, kan mense vra of ons werklik glo. As 'n weduwee bv. sou sê dat sy glo, maar sy lewe net vir haarself, mors haar tyd deur lui te wees en uitspattig te lewe, sou mens kon vra of sy regtig in die Here glo.

As ons lewens nie wys dat die Here ons verander het nie, gee ons die teenstanders van die Here en sy kerk aanleiding om kwaad te praat. Om ons sleg te sê. Dan word ons 'n struikelblok vir mense.


As ons lewens wys dat die Here ons gered en verander het, as ons lewens wys dat ons nie vir onself leef nie, maar God bo alles liefhet en ons naaste soos onself, as ons lewens wys dat ons regtig omgee vir mense, ook vir die kwesbares, sal selfs die ongelowiges agting vir ons hê. Dan sal ons lewens vir ons die perfekte platvorm skep om die Evangelie te verkondig.

Hoe lewe ons as God se huisgesin? Deur mekaar lief te hê. Daarvoor moet ons mekaar ken. Moenie wegbly van jou gemeente af nie. Moenie jouself onttrek nie. Leer ken jou medegelowiges. Gee om vir mekaar. Dien mekaar. Dit geld vir die predikant, die diakens, die ouderlinge, die weduwees, die getroudes, die ongetroudes, die ou mense, die jong mense, dit geld vir elke lidmaat.

Mag die Heilige Gees ons lei om uit liefde vir God mekaar waarlik lief te hê en te dien. Mag ons as God se huisgesin wat gekoop is deur ons Here Jesus se kosbare bloed, lief genoeg vir mekaar wees om mekaar te vermaan. Mag ons lief genoeg vir mekaar wees om mekaar te versorg. Mag ons lief genoeg vir die Here en mekaar wees om mekaar met ons gawes te dien.

DIE GEWIGTIGHEID VAN DIE BEDIENING VAN DIE HERE SE KERK

1 TIMOTEUS 5:17-25



*1 Timoteus 5:21: “Ek vermaan jou ernstig
voor God en Christus Jesus en die uitverkore engele
om hierdie dinge sonder voorbehoud te onderhou,
en niemand te begunstig nie.”*

Om deel van die Here se kerk te wees is ’n gewigtige saak. Om die Here se kerk te bedien is ’n gewigtige saak. Dit is ernstig. Dit moet swaar op ons lê. Onthou waarmee die kerk in die erediens besig is: Ons is besig om die

Almagtige Here, die Skepper van hemel en aarde, op 'n besondere manier te ontmoet as sy kinders. Dit moet 'n heilige erns by ons opwek. Nie 'n koue formalisme wat soms met 'n heilige erns verwar word nie, want ons is tog God se huisgesin.

Die Here Jesus het ons deel gemaak van sy kerk. Die Heilige Gees lei ons om kerk te wees. Dit is nie ons plek om self te besluit hoe ons kerk is of hoe die kerk bedien word nie. Die Here het die sê. In sy manier is daar lewe en vreugde.

Kom ons kyk na die gewigtigheid van die bediening van die kerk. Ons gaan eers stilstaan by die opdrag wat Paulus aan Timoteus gegee het. Daarna gaan ons na die roeping kyk om oor die ampte te waak. Laastens gaan ons na die roeping kyk om oor jouself te waak.

Ek besweer jou voor God, die Here Jesus Christus en die uitverkore engele

1 Timoteus 5:17-25 gaan oor die ampte, veral die amp van ouderling. Ons het in 'n vorige hoofstuk meer in diepte na vers 17-19 gekyk.

In 1 Timoteus 5 word Timoteus herinner aan die gewigtigheid van die bediening. Hy word herinner hoe ernstig daar na die ampte en die res van die gemeente gekyk moet word.

In 1 Timoteus 5:21 staan: “Ek vermaan jou ernstig voor God en Christus Jesus en die uitverkore engele om hierdie dinge sonder vooroordeel te onderhou, en niemand te begunstig nie.”

Ek vermaan jou ernstig – ek gee vir jou 'n baie belangrike opdrag. Hierdie is nie net een mens wat aan 'n ander 'n voorstel maak oor hoe hy dalk iets kan doen nie. Hierdie is 'n apostel van die Here wat 'n belangrike bevel aan 'n bedienaar van die Woord gee. Daar is geen ander keuse as om gehoorsaam aan die opdrag te wees nie.

Om te beklemtoon hoe gewichtig hierdie opdrag is, word daar genoem voor wie Timoteus as predikant staan in sy werk:

- Voor God – Hy wat alles geskep het. Hy wat heilig is. Hy wat sy kinders, sy kerk uitverkies het om ewig aan Hom te behoort nog voor Hy geskep het.
- Voor die Here Jesus Christus – Hy wat die Verlosser is. Hy wat gewillig gekom het en kom sterf het sodat sy kerk kan lewe. Hy wat steeds oor sy kerk regeer deur sy Gees en Woord. Hy wat die Hoof van die kerk is. Hy wat sê hoe dinge moet gebeur. Hy wat ons Eienaar is.
- Voor die uitverkore engele. Die uitverkore engele is die engele wat getrou aan God gebly het toe ander engele saam met die duivel in opstand teen Hom gekom het. Waarom word die engele hier saam met die Vader en die Seun genoem? Want hulle sien wat ons doen. Hulle gaan eendag getuies wees wanneer ons voor die Seun se regterstoel staan.

In Matteus 25:31-32 staan: “Wanneer die Seun van die Mens in sy heerlikheid kom, en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy glansryke troon gaan sit. Al die nasies sal voor Hom byeengebring word, en Hy sal hulle van mekaar skei soos ’n herder die skape van die bokke skei.”

Onthou voor Wie ons staan terwyl ons kerk is – ons staan voor God en die Here Jesus en al die engele. Dit is genoeg om mens te laat besef dat aanbidding van die Here nie iets is om ligtelik op te neem nie.

Wat is die opdrag wat Timoteus voor hierdie getuies kry? Doen die dinge wat jy beveel word! Dit verwys in die eerste plek na die opdragte oor hoe ampsdraers hanteer moet word in hierdie gedeelte. Maar dit verwys ook na al die opdrag in die Woord oor hoe die Here se kerk bedien moet word.

Dit moet sonder vooroordeel gedoen word. Timoteus mag nie self besluit het of iemand skuldig of onskuldig in ’n saak staan nie – hy moet deeglik seker maak dat daar bewyse is. Net so mag ons nie maak of breek soos ons wil nie – ons moet seker maak van die feite.

Dit moet sonder partydigheid gedoen word. In die bediening mag Timoteus nie sekere mense voorgetrek het net omdat hy van hulle hou nie, of ander weggestoot het omdat hy nie van hulle hou nie.

Dit is hoe die Here se kerk bedien moet word. Ons staan voor Hom. Ons staan nie voor mense nie. Predikante maak dikwels die fout om te dink dat hulle voor mense staan. Dat hulle moet doen wat mense gelukkig hou en dat hulle sekere mense moet pamperlang.

Hulle maak ook dikwels die fout om te dink dat hulle voor hulleself staan in die bediening. Hulle dink hulle kan maar doen wat hulle wil. Hulle dink hulle kan die bediening inrig soos hulle wil. Hulle dink dit gaan oor hulle as mens.

Waar mense so maklik dink en maak of dit hulle kerk is, word ons herinner aan die erns van die bediening in die kerk. Dit is die Here se Kerk. Hy het die sê oor hoe sy kerk bedien word.

Timoteus moes dit onthou. Ons moet dit onthou.

Waak oor die ampte

Omdat dit die Here se kerk is waaroor Hy die sê het en omdat die Here ernstig is oor die ampswerk van die ouderlinge, moet ons ook wees. Ouderlinge is tog die onderherders wat die skape van die Groot Herder, Jesus Christus, moet versorg. Hulle moet vir ons voorbeelde wees om na te volg. Hulle moet voorloop.

Timoteus moes seker gemaak het en ons moet vandag steeds seker maak dat dinge reg gedoen word wanneer dit by die ouderlinge kom.

Net soos daar nie enige aantyging teen 'n ouderling aanvaar moes word sonder bewyse nie, mag ouderlinge wat sondig nie maar net oorgesien word omdat hulle ouderlinge is nie. Net soos ons nie enige aantyging teen enigiemand in die gemeente sonder bewyse aanvaar nie, mag ons nie mense oorsien wat sondig nie. Die Here wil hê sy kerk moet getug word.

In 1 Timoteus 5:20 staan: “Berispe in almal se teenwoordigheid diegene

wat aanhou sondig, sodat die ander ook afgeskrik kan word.” Wys hulle op hulle sonde en roep hulle tot bekering. “Aanhou sondig” impliseer ’n ouderling wat in sonde in die openbaar lewe. Die ampsdraers en elke gelowige word geroep om onberispelik te wees en om nie deur die sonde oorheers te word nie. Ons word nie geroep om sondeloos te wees nie. Dit is onmoontlik aan hierdie kant van die wederkoms.

Hulle moet in die teenwoordigheid van almal, die ander ouderlinge en die gemeente, bestraf word. Openbare sonde moet in die openbaar aangespreek word. Soos Paulus vir Petrus oor sy skynheiligheid in Galasiërs 2 bestraf het.

Waarom voor almal? “Sodat die ander ook afgeskrik kan word”; Sodat die hele gemeente kan weet dat die ker ernstig oor sonde is omdat sonde teen die Here se wil is en gevaarlik vir ons is.

Mens kan dalk vra: Gaan hierdie erns oor die sonde nie veroorsaak dat die gemeente nie groei nie? Moet ons nie gemaklik oor sonde wees sodat mense lekker voel en gemaklik voel om deel van die gemeente te word nie?

’n Heilige erns staan nooit in die pad van groei nie. Dit is die Here se kerk. Hy sal die nodige groei gee. In Handeling 5 lees ons van Ananias en Saffira wat vir die Heilige Gees gejok het en op die plek dood neergeval het. In Handeling 5:11 lees ons hoe die gemeente en mense buite die gemeente gereageer het: “En groot vrees het die hele gemeente en almal wat hiervan gehoor het, oorval.” In Handeling 5:13 staan: “Van die res van die volk het niemand dit egter gewaag om by die gelowiges aan te sluit nie.” Het hierdie erns oor die sonde gemaak dat daar nie groei is nie? Nee, die Here het die nodige groei gegee. In Handeling 5:14 staan: “Tog is baie mense wat in die Here glo, algaande by hulle getal gevoeg – ’n menigte mans en vroue.”

Ons mag nie ter wille van gewildheid of groei of watter rede ook al nie ernstig teen sonde waak nie.

Saam met die opdrag om ouderlinge wat in sonde volhard te straf, word die opdrag ook gegee om die regte persone in die ampte te bevestig.

In 1 Timoteus 5:22 staan: “Moenie iemand oorhaastig die hande oplê, en moenie deelkry aan iemand anders se sondes nie; hou jousef rein.”

Die ampte is nie vir almal bedoel nie. Die vereistes vir ampsdraers word duidelik in 1 Timoteus 3 gegee. Hoe maklik maak kerke nie die fout om mense te vinnig in die amp te bevestig nie! Hoe maklik redeneer ons nie dat daar nou ’n oop wyk is of werk is wat gedoen moet word, so enig-iemand kan dit maar doen nie.

Maar die verkeerde persoon in die amp maak skade. Baie van ons kan met hartseer hiervan getuig. Dit is beter dat daar dan minder ampsdraers is as wat daar ampsdraers is wat nie aan die Bybelse vereistes voldoen nie.

Om hierdie rede Timoteus en ons vermaan om doodseker te maak dat iemand die nodige gawes het om as ampsdraer te dien. In 1 Timoteus 5:24-25 staan: “Die sondes van sommige mense is baie duidelik, en loop hulle daarom vooruit op pad na die oordeel; maar ander se sondes agtervolg hulle. Net so is goeie werke baie duidelik sigbaar, en wanneer dit nie die geval is nie, kan dit nie vir lank verborge bly nie.”

Met sommige mense kan mens vinnig sien of hulle vir die amp geskik of nie. Ander sien mens eers na ’n tyd die nodige raak.

Laat ons nie haastig wees om mans as ampsdraers te bevestig nie. Laat ons doodseker maak of hulle geskik is.

As Timoteus die verkeerde persoon oorhaastig die hande sou oplê, as hy die verkeerde persoon oorhaastig in ’n amp sou bevestig, sou hy gemeenskap aan daardie persoon se sonde hê. Hy sou verantwoordelikheid gedra het vir die skade wat daardie persoon doen.

Net soos Timoteus-hulle openbare sonde voor almal moes aanspreek en net soos hulle doodseker moes maak dat hulle die regte persone in die ampte bevestig, moet ons ook. Ons bly die Here se kerk. As bedienaar van die Woord moes Timoteus oor die ampte waak. Predikante word vandag geroep om dieselfde te doen. Hulle word nie om hul eie koninkrykies te bou nie. Hulle word nie geroep om ’n klomp maatjies om hul bymekaar te

maak sodat hulle kan doen wat hulle wil nie. Hulle word geroep om die Here se kerk op die Here se manier te bedien.

Waak oor jouself

Timoteus moes nie net oor die ampte waak nie, maar ook oor homself. In 1 Timoteus 5:22 staan: “Hou jouself rein”. Onthou dat jy vir die ander gelowiges ’n voorbeeld moet wees. Onthou dat jy ook onberispelik moet wees. Die waak oor jouself gaan nie net oor geestelike dinge nie, dit gaan oor liggaamlike dinge ook.

In 1 Timoteus 5:23 staan: “Moenie langer net water drink nie, maar gebruik ’n bietjie wyn vir jou maag en jou gereelde ongesteldhede.” Timoteus moes onthou om sy liggaam ook te versorg. Hy moes onthou om ook hierin vir die gemeente ’n voorbeeld te wees.

Of Timoteus gereeld siek was omdat die water ongesond was en of hy gereeld siek was omdat hy homself onder baie druk geplaas het en of hy gereeld siek was omdat mense vir hom die bediening moeilik gemaak het, word nie gesê nie. Die opdrag is tog duidelik: Hy moet sy liggaam versorg.

Ongelukkig sien ons soms hoe mense wat ander mense bedien, ongesond is. Sommige is ongesond omdat hulle onverantwoordelik is en in oormaat eet of drink. Ander is ongesond omdat hulle so onder die indruk van die erns van die bediening is, dat hulle vergeet dat dit belangrik is om jouself te versorg.

Waar die dwaalleraars in Efese vir die mense probeer leer het dat jy nie mag trou nie en dat jy nie sekere kosse mag eet nie en waar hulle die mense probeer leer het dat jy alles moet vermy – ook wyn – sien ons iets anders by die opdrag aan Timoteus:

Hy moet wyn drink. Wyn is gefermenteerde druiwesap. Dit was nie een of ander spesiale medisynemengsel wat Timoteus moes drink nie. Hy moet bietjie wyn gebruik. Nie in oormaat nie. Hy moes dit gebruik, nie misbruik nie.

Ons as gelowiges moet alkohol in die regte lig sien. Die Here het wyn vir ons gegee om te geniet. Hy waarsku ons ook duidelik teen die misbruik daarvan in sy Woord. Ons het vryheid om wyn te drink, maar ons moet ons vryheid gebruik om mekaar te dien.

As daar 'n medegelowige is wat saam met jou kuier en jy weet hulle vermy alkohol omdat hulle dalk 'n geskiedenis van alkoholmisbruik het, of ouers gehad het wat se lewens verwoes is omdat hulle alkohol misbruik het, gebruik jou vryheid om hulle te dien en los jou drankie vir eers. Dit sal jou nie dood maak om per geleentheid nie alkohol te gebruik nie. As jy iewers kom en jy weet die mense wat daar alkohol drink doen dit net om so dronk as moontlik te word – moenie saamdrink nie. Dit sal jou nie doodmaak nie. Dit sal 'n kragtige getuienis uitstuur.

Net soos Timoteus die opdrag gekry het om oor sy liggaam te waak, kry ons elkeen dieselfde opdrag. Ons liggame is kosbaar vir die Here. Ons liggame is tempels van die Heilige Gees. Die Here gaan hierdie liggame eendag uit die dood opwek en verheerlik. Ons het Hom lief met ons liggame ook. Wanneer jy jousef versorg moet dit in die eerste plek oor die Here gaan.

Ons erns met ons geloof word ook gesien in hoe ons ons liggame op pas. Ons aanbid die Here deur oor ons liggame te waak.

Wat is ons opdrag aan 'n gemeente as ons na hierdie hele gedeelte gekyk het? Ons moet onthou dat ons die Here se kerk is. Ons moet onthou dat die bediening van sy kerk 'n ernstige, gewigtige saak is. Ons moet waak oor die ampte en oor ons liggame.

Ons moenie verwag dat dinge gedoen word soos ons dit wil hê nie. Ons moenie verwag dat die bediening daarvoor gaan om ons gelukkig te hou nie.


Mag ons elkeen vir die Here se gemeente sorg, deur ons gawes tot die nut en saligheid van die ander aan te wend. Mag ons elkeen vir ons liggame sorg omdat ons weet dat hulle kosbaar vir die Here is. Mag ons elkeen onthou voor Wie ons staan:

- Ons hemelse Vader wat ons liefhet en die sonde haat en wat ons gekies het om sy kinders te wees nog voordat Hy alles gemaak het.
- Ons Here Jesus Christus wat ons losgekoop het van die sonde en die dood en wat vir sy kerk sorg.
- Die engele wat deur die Here gebruik word en wat getuies van ons lewens is.

Ons is gered om die Here te dien soos Hy dit wil hê. Mag ons hierdie gewigtige saak met groot erns en vreugde aanpak.

DIE GELOWIGE EN WERK

1 TIMOTEUS 6:1-2



1 Timoteus 6:1 “Wie onder die slawejuk gebuk gaan, moet met alle respek teenoor hulle eienaars optree, sodat die Naam van God en die leer nie belaster word nie.”

Wat het jou geloof met jou werk te doen? Hoe sien en doen mens jou werk wanneer jy 'n gelowige is? Al is ons werke van die plekke waar ons die meeste tyd spandeer, dink ons soms heeltemal te min hieroor. Sommige gelowiges dink hulle werk en hul verhouding met die Here het niks met mekaar te doen nie. Hulle dink dat hulle werk net daarvoor gaan om geld te kry sodat hulle kan lewe.

Wanneer ons die Bybel lees, sien ons dat God baie te sê het oor ons werk en hoe ons dit behoort te doen. Ons kry in 1 Timoteus 6:1-2 belangrike

opdragte wat ons as gelowiges in ons verhouding met ons werkgewers en werknemers moet toepas.

Om hierdie opdragte reg te verstaan, gaan ons eers kyk na waar werk vandaan kom en hoe die gelowige werk behoort te sien. Daarna gaan ons na die optrede van die gelowige teenoor sy/haar baas kyk. Laastens gaan ons na die optrede van 'n gelowige wat vir 'n ander gelowige werk, kyk.

Die manier waarop ons ons werk doen en hoe ons teenoor mense by die werk optree, is belangrik. Dit staan nie los van ons verhouding met die Here nie. Ons manier van werk en optrede teenoor ander behoort juis te wys dat ons aan die Here behoort.

Die gelowige en werk

Waar kom werk vandaan? Daar is heelwat mense wat dink dat werk 'n straf is. Sels gelowiges is dikwels baie negatief teenoor werk. Hulle kan dink dat werk 'n straf op die sondeval is toe die mens sy rug op God gedraai het.

Werk is nie 'n straf nie. Toe God die hemel en aarde geskep het, het Hy gewerk. Toe Hy die mens geskep het, het Hy dadelik vir die mens werk gegee. Die mens moet iets van God wys. Ons lees in Genesis 1:27-28: “God het die mens geskep na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskep, manlik en vroulik het Hy hulle geskep. God het hulle geseën; God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar, vermeerder, vul die aarde en onderwerp dit. Heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en al die diere wat op die aarde rondbeweeg.”

In Genesis 2:15 lees ons: “Die HERE God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden geplaas om dit te bewerk en op te pas. ” Hy het ook vir Adam die werk gegee om die diere te benoem.

God werk van die begin af – Hy het geskep. Hy is nie passief nie. Die mens is van die begin af gemaak om te werk. Nie om te werk ter wille van net werk nie, maar om God te verheerlik.

Om die mens te leer dat die lewe nie net oor werk gaan nie, het God op die sewende dag gerus, nie dat God kan moeg word nie, maar om die mens te leer om op Hom te vertrou en om die mens te leer om te fokus op dit wat God gedoen het.

God het daarom ook die vierde gebod later aan sy volk gegee in Eksodus 20:8-11: “Gedenk die Sabbatdag deur dit heilig te hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is ’n Sabbat, ter ere van die HERE jou God. Jy mag geen werk doen nie, nie jy en jou seun en jou dogter, jou slaaf en jou slavin, jou diere en jou vreemdeling wat by jou is nie.”

Deur te rus, wys die mens dat hy op die Here vertrou om vir hom te sorg. Deur te rus, wys die gelowige dat hy anders as die wêreld is wat dink alles hang net van hulleself af.

Werk is nie ’n straf nie, maar die sondeval het werk geraak. In Genesis 3:17-19 staan: “Vir die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na jou vrou se stem, en geëet het van die boom waarvan Ek jou beveel het, ‘Jy mag nie daarvan eet nie!’ is die grond deur jou toedoen vervloek. Met swaarkry sal jy daarvan eet, solank jy leef; dorings en dissels sal dit vir jou laat uitspruit, en jy sal veldplante eet. Met sweet aan jou gesig sal jy brood eet ...”

Die straf is dat werk moeilik is en mens moeg maak en dat jy kliphard kan werk vir iets en dit dan nie kry nie. Ons almal kan daarvan getuig. Ons kan vertel van dae, weke, maande wat ons om gewerk het aan iets en dan in ’n oogwink het dit plat geval.

Na die sondeval is die mens in ’n krisis. Hy dink alles hang net van hom af: “Ek moet 24/7 werk anders gaan ek nie oorleef nie.” Die gelowige is anders. Die gelowige weet die Here sorg. Dit beteken nie dat ons agterorsit en niks doen nie. Ons werk hard terwyl ons vertrou dat die Here vir ons sorg. Ses dae moet jy werk en die sewende dag moet jy rus.

Ons kan rus, want ons weet dat die werk van die gelowige nuwe betekenis in Jesus het. Hy het ons kom verlos van ’n sinnelose bestaan

waar ons net vir ons self lewe. Hy het vir ons nuwe lewe gegee waarin ons God in elke deel van ons lewens aanbid, ook in ons werk.

Wanneer jy in Jesus glo, werk die Heilige Gees in jou om jou werk in die regte lig te sien. Jy werk nie vir jouself nie, maar vir die Here. Jou werk is deel van jou lewe wat jy aan God as 'n heilige en aanneemlike offer gee. Deur jou werk vir God te doen, is jy besig om Hom te aanbid.

Gelowiges moet weet dat werk nie 'n straf is nie en dat ons deur te werk God se Naam kan groot maak. Ons is gemaak om te werk. Dit staan nie net in die Ou Testament nie, maar in die Nuwe Testament ook. Ons kry bv. in 1 Tessalonisense 4:11 die opdrag: “En dit vir julle 'n saak van eer te maak om rustig te wees, julle met julle eie sake te bemoei, en met julle eie hande te werk, soos ons julle opdrag gegee het.”

Daar is ook 'n paar dele in die Nuwe Testament wat oor werk gaan, veral oor die verhouding tussen slawe en eienaars. Dele soos 1 Timoteus 6:1-2.

Wanneer jy vir enige baas werk

Wat het die opdragte vir slawe te doen met ons as gelowiges se werk? Die verhouding eenaar-slaaf was die vernaamste verhouding in die Grieks-Romeinse ekonomie. Nes die verhouding baas-werknemer vandag is.

Wanneer ons aan slawe in die tyd van 1 Timoteus dink, moet ons nie met die idee lewe dat alle slawe vasgeketting en mishandel was nie. In daardie dae was jy of 'n vry man of 'n slaaf. Slawe het ook sekere regte gehad wat hul beskerm het. Sommige is wel sleg hanteer, maar sommige het ook baie voordele geniet.

Mense het hulself soms as slawe verkoop om skuld te betaal, of om op die eenaar se onkoste verder te leer. Slawe kon besittings hê. Slawe kon ook hul eie vryheid koop.

Wanneer mens in die Here Jesus begin glo, verander dit nie die rol wat jy in die samelewing het nie. Dit was dieselfde met die slawe: Net omdat hul vry is in Jesus Christus, het nie beteken dat hul nou vry in

die wêreld gaan wees nie. Hul word wel nie gekeer om hul vryheid te kry nie. In 1 Korintiërs 7:21 staan: “Is jy geroep toe jy ’n slaaf was, laat dit jou nie kwel nie; maar as jy tog kan vry word, maak ten alle koste daarvan gebruik.”

Slawe wat tot geloof gekom het, kon begin om hul eienaars verkeerd te hanteer: Ek is mos nou vry in Jesus, waarom het ek dan nog ’n baas? Hulle word herinner dat alle gesag van God af kom. Gelowige slawe moet hul werk voluit doen. Hul moet hul base met eerbied en respek hanteer. In 1 Timoteus 6:1 word die rede gegee: “Sodat niemand sal kwaad praat van die Naam van God en van die Christelike leer nie.” As ’n gelowige slaaf nie sy baas reg hanteer het nie, sou die baas en ander kon dink dat dit God en die Evangelie se skuld is. Dit sou maak dat ander niks met die Evangelie te doen wil hê nie.

As ’n gelowige slaaf sy werk deeglik sou doen, en aan sy baas eerbied betoon – selfs wanneer hy dit nie verdien nie – sou dit die baas laat wonder: Waarom is hierdie slaaf anders as die ander? Dit sou ’n geleentheid vir die verkondiging van die Evangelie skep.

Al is ons nie slawe van ons werkgewers vandag nie – al voel dit dalk soms so en hanteer sommige ons soos slawe – is ons manier van werk ook belangrik. Ek hanteer my baas met eerbied, want ek weet dat alle gesag van God af kom. Deur my baas met eerbied te hanteer, is ek besig om God te eer. Ek doen my werk deeglik en voluit. Ek werk nie net om die ure vol te maak nie, maar om so effektief en goed as moontlik te werk. Ek doen my werk nie vir myself of my baas nie, maar vir God.

Ek hanteer my baas reg en ek hanteer die mense wat saam met my werk reg. Ons spandeer soveel van ons tyd by ons werke. Deur by die werksplek voluit te werk en te lewe tot die Here se eer, gaan ek geleenthede kry om Hom te verheerlik en ander van Hom te vertel. Ek gaan geleenthede kry om te getuig van die hoop wat in my lewe. Ek gaan ek vir mense kan wys en sê: Ek is anders, ek is nuut gemaak deur Jesus Christus.

Gelowiges het trots in hulle werk. Hulle doen nie halwe werk nie, vat nie kortpaaie nie, skeep nie af nie, want hulle werk vir God. Wanneer hulle voluit tot God se eer werk, kry niemand geleentheid om Hom sleg te sê nie. Wanneer hulle voluit tot sy eer te werk, kry hulle die geleentheid om van Hom te getuig.

Vra jouself af: Is dit hoe ek my werk sien? Besef ek dat my manier van werk iets van my verhouding met God wys? Besef ek dat my werk oor meer as net 'n inkomste gaan? Besef ek dat ek God se Naam verheerlik deur my werk deeglik en getrou te doen?

Wanneer jy vir 'n gelowige baas werk

Nog 'n uitdaging wat daar onder die gelowiges in Efese was, was slawe wat gelowige eienaars gehad het. Dit was 'n uitdaging want sommige het gedink dat dit beteken dat hul slap kan lê en spesiale behandeling gaan kry: Ek werk mos vir 'n medegelowige, so hulle moet my voortrek.

As jy vir 'n medegelowige werk, moet dit jou juis aanspoor om jou werk voluit te doen. In 1 Timoteus 6:2 staan: "... laat hulle nog meer diensbaar wees, juis omdat dit gelowiges en geliefdes is wat die goeie diens ontvang." Die slaaf wat 'n medegelowige as eenaar gehad het, moes sy werk voluit doen, omdat dit liefdesdiens aan 'n medegelowige was.

Wanneer ek een is met iemand in die geloof, wanneer ons dieselfde Here aanbid, behoort ek my werk getrou te doen. Net omdat ons broers en susters in die Here is, beteken nie dat ons halwe werk vir hulle kan doen nie. God is regverdig en ons moet ook wees.

Van ons werk vir ander gelowiges. Moenie dit as 'n verskoning gebruik om halwe werk te doen nie. Herinner jouself daaraan dat jy jou werk vir God doen en dat jou medegelowige voordeel daaruit trek.

In 1 Timoteus word ons herinner hoe ons as lede van God se huisgesin moet optree. Hy het die sê oor elke deel van ons lewens, ook oor ons werk:

- Daarom doen die gelowige sy werk voluit en tot die Here se eer.
- Daarom besef die gelowige sy getroue werk wys dat hy aan die Here behoort.
- Daarom besef die gelowige sy getroue werk kan maak dat ongelowiges die Evangelie kan hoor.
- Daarom besef die gelowige dat sy getroue werk tot voordeel van sy medegelowige baas is.

Werkgewers moet ook mooi na hierdie gedeelte van die Woord luister. As daar van die werknemer verwag word om jou met eerbied te hanteer, word daar van jou verwag om eerbied waardig te wees en om jou werksmense met liefde en begrip te hanteer. Wees regverdig en billik. Onthou dat jou werknemers ook mense met lewens en gesinne is. Onthou dat jou werksmense ook moet rus soos jy. Moenie bloed uit 'n klip probeer tap nie. Onthou dat almal wat vir jou werk, of hulle gelowig is of nie, na God se beeld geskep is. Maak seker dat die loon wat jy hulle betaal, die arbeid waardig is. Maak ook seker dat hulle arbeid die loon waardig is. Onthou dat jou werk oor veel meer as net finansiële wins gaan. Jou werk gaan nie oor jou koninkryk nie, maar oor die Here se eer.

Wat van gelowiges wat met mekaar besigheid doen? Hanteer mekaar reg en billik. Moenie onredelik wees en die ander persoon probeer verwoes as jy nie jou sin kry nie. Wees bereid om mekaar te vergewe as dinge nie reg loop nie. Moenie dat werk in die pad van jul eenheid in die Here staan nie.

Daar kan en moet nog baie oor werk gesê word. Wat ons moet onthou, is dat werk nie 'n straf is nie. Werk is soms moeilik en lewer min resultate weens die sondeval, maar die gelowige se werk het betekenis in Jesus Christus.


Hoe ons ons werk doen en hoe ons die mense by die werk hanteer, of hulle nou ons baas, ons werknemers of kollegas is, sê baie oor ons verhouding met die Here.

Mag die Heilige Gees ons elkeen lei om ons werk voluit tot God se eer te doen. Mag die Here ons getroue arbeid seën, sodat ons vir onself en ons gesinne kan sorg. Mag Hy ons getroue arbeid gebruik sodat ons die Evangelie met ander kan deel. Mag Hy gee dat ons in Hom sal rus, op Hom sal vertrou, en vir Hom sal lewe.

Jou werk gaan nie oor jousef nie. Dit gaan oor die Here. Doen dit vir Hom.

OM TEVREDE TE WEES

1 TIMOTEUS 6:3-10



1 Timoteus 6:6: “Wat wel ’n groot wins is, is godvresendheid wat met tevredenheid gepaardgaan.”

Is jy tevrede met wat jy het? Glo jy dat jy genoeg het? Dink mooi oor hierdie vraag, want die antwoord op hierdie vraag kan ’n paar dinge verklap:

- Die antwoord op hierdie vraag kan wys of jy regtig in God glo.
- Dit kan wys of jy op God vertrou vir redding en of jy jouself probeer red. Dit kan wys of jy glo dat God vir jou sorg en of jy glo dat jy vir jouself moet sorg.
- Dit kan wys of jy deel van God se koninkryk is en of jy jou eie koninkryk probeer bou.

Lewe jy vir God? Of lewe jy vir meer geld en meer besittings?

In 1 Timoteus 6:3-10 word ons weereens gewaarsku teen dwaalleraars. Dit lyk of die vroeë kerk meer bekommerd was oor dwaalleer as oor vervolging. As ons bv. na Handeling 19 kyk, sien ons hoe die kerk gegroei het wanneer die kerk vervolgd was. Dwaalleer is gif. Dwaalleraars is gevaarlik.

Dit word duidelik gemaak dat hulle vir geld lewe. Verder word ons gewaarsku teen geldgierigheid. Ons word ook die sleutel tot ware tevredenheid geleer: Lewe Godvresend.

Die dwaalleraars lewe vir geld

In 1 Timoteus 4 het ons al met die dwaalleraars te doen gekry. Mense wie se gewetens toegeskroei is en wat mense verbied om allerhande dinge te doen. Nou word ons weer teen hulle gewaarsku. Waarom soveel aandag aan dwaalleraars in so 'n kort brief soos 1 Timoteus gee? Omdat dwaalleraars en dit wat hulle verkondig nie opbou nie, maar gevaarlik is en tot die dood toe lei.

In 1 Timoteus 6:3-4 staan: “As iemand 'n ander leer verkondig, en hom nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus, en by die leer wat met die ware godvresendheid ooreenstem nie, is hy verwaand en sonder begrip, en het hy eerder 'n sieklike aptyt vir meningsverskille en stryery oor woorde. Dit lei tot afguns, rusie, lastering, bose suspisies, aanhoudende geredekawel onder mense wie se denke ontaard het, en wat van die waarheid beroof is, en dink dat godvresendheid winsgewend is.”

Dadelik hoor ons hoe gevaarlik dwaalleer is. Dit is nie woorde wat gesond maak en lewe gee nie. Dit is nie woorde wat ons leer om te lewe tot God se eer nie. Dit is nie die Evangelie nie! Eerder as om gesond te maak, maak dwaalleer mense siek en oneffektief in die geloof. Eerder as om eenheid te bewerk, maak dit dat mense met mekaar stry en agterdogtig teenoor mekaar staan. Eerder as om op te bou, breek dit af. Dwaalleer is verwoestend vir 'n gemeente.

Dwaalleraars dink altyd dat hulle baie slim is. Hulle vat die eenvoud van die Evangelie en probeer dit baie moeilik maak om te verstaan. Eintlik weet hulle niks nie. Hulle lewe nie vir die Here nie, maar vir hulleself. Hulle probeer hulself ryk maak. Eerder as om die Here se skape te voed, vreet hulle die skape op. Eerder as om in liefde te bedien, kyk hulle hoeveel hulle vir hulself kan vat.

Hoor julle hoe gevaarlik enigiets anders as die Woord is? Hoor julle hoe gevaarlik dit is as iemand iets anders aan ons wil verkondig? As gelowiges moet ons niks met dwaalleer te doen hê nie.

Toets alles wat aan jou gesê word in die Naam van die Here aan sy Woord. Alles. Moenie dink as iemand met 'n ander leer as die gesonde leer kom, dat dit maar net 'n klein verskilletjie is en dat ons mekaar ruimte moet gee daarvoor nie. Vlug weg van hierdie dinge.

Die dwaalleraars lewe vir hulleself. Hulle is geldgierig. Geldgierigheid lei tot die dood.

Die gevare van geldgierigheid

Die liefde vir geld is baie gevaarlik. In 1 Timoteus 6:9-10: “Wie ryk wil wees, val in versoeking en 'n strik, en baie dwase en skandelige begeertes wat mense meesleur na ondergang en vernietiging. Want geldgierigheid is die wortel van alle kwaad. Die hunkering na rykdom het sommige mense laat afdwaal van die geloof, en hulle het hulleself met baie smarte deurboor.”

Ons word nie teen geld gewaarsku nie, maar teen geldgierigheid. Daar is niks daarmee verkeerd om geld te hê nie. Ons kry in die Bybel voorbeelde van gelowiges wat baie besittings en geld gehad het: Abraham, koning Dawid, Job, om maar 'n paar te noem.

Om daarteenoor vir geld te lewe, om vir geld lief te wees, om te dink jou lewe gaan oor geld, is lewensgevaarlik. In Lukas 8:14 staan: “Die saad wat tussen die dorings val, is diegene wat die woord hoor; maar hulle word deur bekommernisse en RYKDOM en die plesiere van hierdie lewe verstik,

en lewer geen oes nie.” ’n Lewe waarin jy geld najaag, versmoor jou.

Geld is ’n gawe uit God se hand. Moet daarom nie die gawe ’n afgod maak nie. Geld is ’n wrede afgod. Jy gaan nooit genoeg hê nie.

As jy vir geld begin lewe, word jy gevang soos ’n vis wat met ’n stuk aas gevang word, maar nie die hoek gesien het nie. ’n Lewe vir geld lei na ’n klomp ander sondige begeertes en jy lewe jou lewe om vir plesier. Dit lei tot groot kommer: Gaan ek ooit genoeg hê? Wat as iemand my geld steel? Wat as dit alles weg is?

Geldgierigheid is vir die mens soos ’n mooi blom, maar wanneer jy hom pluk, steek hy jou vol dorings. Geldgierigheid maak dat mense hul rug op ander mense draai. Geldgierigheid maak dat mense hul rug op God draai.

Ons almal ken sulke mense:

- Mense wat dink hulle het niemand nodig nie, nie eers die Here nie. Mense wat net vir meer en meer besittings en geld lewe en enigiets sal doen om dit te kry.
- Mense wat nie lief is vir ander mense nie, maar lief is vir geld en goeters.
- Mense wat dink hul hele bestaan hang van rykdom af.

Dalk dink jy die lewe gaan net oor geld. Dalk dink jy solank jy genoeg het, is jou saak reg.

Dit is ’n leë en dwase lewe om vir geld te lewe. Dit lei tot die dood. Jy kan hoeveel besittings hê, dit gaan jou nie van die dood red nie.

Die dood wag op elke liewe mens. Die mens probeer homself op vreeslik baie maniere daarvan red. Sommige dink dat as hulle genoeg geld het en as hulle die beste mediese sorg kan bekostig, hulle veilig sal wees.

Jy kan niks besittings saamvat wanneer jy die dag doodgaan nie. In 1 Timoteus 6:7 staan: “Ons het immers niks in die wêreld ingebring nie, en ons kan niks daaruit wegneem nie.” Waarom jou lewe aan geldgierigheid spandeer as geld en besittings tydelik is?

In Afrikaans het ons die mooi uitdrukking: Die doodskleed het geen sakke nie. Of om dit op 'n ander manier te sê: Die lykswa sleep nie 'n waentjie nie. Jy kan niks saamvat wanneer jy sterf nie. Waarom dan jou lewe aan 'n liefde vir geld spandeer?

Die mens besef hy gaan verlore gaan en probeer homself red. Sommige deur plesier, ander deur mag, ander deur geldgierigheid. Dit is dwaas. Wanneer jy doodgaan, kan jy niks saamvat nie. Jy gaan dan voor die Here staan. Wat gaan jy vir Hom sê?

'n Godvresende lewe maak mens tevrede

Om vir geld te lewe, is dwaas. Jy dink dalk jy maak baie, jy dink dalk jy het 'n groot wins, maar dit hou nie. Dit is nie ware rykdom nie.

Wat is ware rykdom? Anders as geld wat tydelik is, is ware rykdom ewig. Anders as geldgierigheid wat maak dat jy dink dat jy nooit genoeg het nie, maak ware rykdom dat jy vir ewig genoeg het. Anders as geldgierigheid wat mens ontevrede laat, maak ware rykdom mens tevrede. Anders as geldgierigheid wat mens nie kan red nie, hou ware rykdom redding en lewe in.

Ware rykdom is nie om geld en besittings te hê nie. Ware rykdom is om die Here Jesus te ken. Ware rykdom is om te weet dat Hy kaal aan die kruis gehang het in jou plek. Ware rykdom is om te weet dat Hy jou sonde op Hom geneem het. Ware rykdom is om te weet dat Hy die volle prys vir jou betaal het.

In 1 Petrus 1:18-19 staan: “Julle weet tog dat julle nie met iets vergankliks, soos silwer of goud, losgekoop is uit julle sinlose leefwyse, wat deur julle voorvaders aan julle oorgelewer is nie, maar dat julle losgekoop is met die kosbare bloed van Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggaamsgebrek.”

Ware rykdom is om te weet dat Hy opgestaan het uit die dood, die dood en die sonde oorwin het en jou daarin laat deel. Ware rykdom is

om te weet dat jy vir ewig aan God behoort. Ware rykdom is om nou al onder leiding van die Heilige Gees as sy kind te lewe. Ware rykdom is om in al die gawes wat ons Here Jesus Christus gee – geloof, liefde, wysheid, volharding, heiligmaking, die ewige lewe – deel te hê.

In vers 1 Timoteus 6:6 staan: “Wat wel ’n groot wins is, is godvresendheid wat met tevredenheid gepaard gaan.” Ware rykdom is om te weet dat die Almagtige God vir jou sorg, dat Hy vir jou gee wat jy nodig het, daarom kan jy tevrede wees.

Wil jy tevrede wees? Wil jy rus in jou lewe ervaar? Wil jy troos hê wanneer die lewe seer en moeilik is? Glo in Jesus Christus. Deur Hom is jy God se kind. Moenie vir geld lewe nie, maar lewe vir God. Vrees God.

Om God te vrees, om Godvresend te lewe, beteken om te weet dat God Almagtig is. Dit beteken om te weet dat Hy nie op jou vlak is nie, dat Hy nie Iemand is om mee te mors nie, dat Hy nie net ’n klein stukkie van jou lewe kan kry nie. Om God te vrees beteken om Hom lief te hê en Hom te dien soos Hy sê.

As jy God vrees en tot sy eer lewe, sal jy tevrede wees. Sal jy in alle omstandighede weet dat jy het wat jy nodig het. Dit beteken nie dat jy altyd alles in oorfloed sal hê nie. Dit beteken nie dat jy nie gaan swaarkry nie. Of dat jy nie gaan siek word nie. Of dat jy nooit hartseer gaan word nie. Dit beteken dat God in al daardie omstandighede vir jou genoeg is. Dit beteken dat jy in jou grootste stryd kan weet dat Hy altyd daar is vir sy kinders. Dit beteken dat Hy sal sorg dat jy ewig saam met Hom leef.

Dieselfde opdrag – om op God te vertrou en nie op geld nie – word in ander plekke in die Woord ook gegee. In Matteus 6:31-33 gee ons Here Jesus vir ons die troos en opdrag: “Moet julle daarom nie bekommer en vra, wat sal ons eet? Of wat sal ons drink of wat sal ons aantrek nie. Dit is immers alles dinge waarna die heidennasies soek. Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.” Soek

die koninkryk en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Lewe Godvresend en jy sal tevrede wees.

In Hebreërs 13:5 kry ons ook die troos en opdrag: “Julle leefwyse moet vry wees van geldgierigheid. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou beslis nie verlaat nie, en ook nie in die steek laat nie.”

Gelowiges sukkel soms om tevrede te wees. Dikwels omdat ons eerder na die wêreld luister wat ons probeer wysmaak dat ons eers gelukkig en tevrede sal wees as ons meer en meer besit. Ons sukkel, omdat ons soms eerder na die wêreld, as na die Here se Woord luister.

Vra die Heilige Gees om jou te lei om na jou lewe te kyk. As jy sien dat jy geldgierig lewe – draai weg en draai na die Here. Vra Hom om jou te lei om mooi te weeg wat jy nodig het. Vra Hom om jou te beskerm dat jou geloof nie versmoor word nie.

Maak erns met jou diens aan God. Lewe ’n Godvresende lewe. Daar is niks of niemand anders wat belangriker as Hy is nie. Moet daarom nie lewe asof ander mense of ander dinge belangriker is en dat Hy kan wag nie.

Maak die gebed van Spreuke 30:8-9 gelowig jou eie: “Moet my nie armoede of rykdom gee nie; breek my porsie brood vir my af, sodat ek nie oorversadig raak en U misken en sê, Wie is die Here? Nie, of verarm en steel, en die naam van my God geweld aandoen nie.”


Die gelowige sal altyd genoeg hê. God sorg vir ons. Lewe vir Hom!

Is jy tevrede? Dink mooi wanneer jy hierdie vraag antwoord. Die antwoord verklap of jy op God of op jouself vertrou.

Mag ons vasstaan teen dwaalleer. Mag ons vasstaan teen geldgierigheid. Mag ons God vrees en tot sy eer lewe. Ons sal dan tevrede wees. “Wat wel ’n groot wins is, is godvresendheid wat met tevredenheid gepaard gaan”.

GRYP DIE EWIGE LEWE STYF VAS

1 TIMOTEUS 6:11-21



1 Timoteus 6:12b “Gryp die ewige lewe aan, waartoe jy geroep is en waarvan jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het.”

Daar is soveel dinge wat ons tyd en aandag vra dat ons heelyd besig kan wees, maar nie veel bereik nie. Ons hardloop so rond tussen verskillende opdragte en aktiwiteite, tussen verskillende mense en verpligtinge, dat ons verhouding met God ’n bysaak raak, dat die Almagtige God tevrede moet wees met die krummeltjies van ons lewens. As ons tyd het en ons is lus, sal ons dalk aan Hom aandag gee.

In plaas daarvan dat ons alles wat ons doen in die lig van ons verhouding met Hom sien, word Hy net nader geroep wanneer ons iets wil hê, dan verstaan ons nie waarom dit voel of ons lewens uitmekaar val nie.

Hierdie laaste gedeelte in 1 Timoteus herinner ons om met die regte fokus te lewe. Waar daar soveel dinge is wat in ons lewens aan die gang is, word ons herinner om die ewige lewe styf vas te gryp, om te fokus op die dinge wat waarlik belangrik is.

Kom ons kyk eers na God wat ons roep. Dan kyk ons na hoe mens die ewige lewe vasgryp. Laastens kyk ons na die wederkoms van ons Here wat ons aanspoor en krag gee.

God het jou geroep

Timoteus word in 1 Timoteus 6:11 “man van God” genoem. Dit is ’n titel wat in die Ou Testament vir mense gebruik is wat God se Woord verkondig het. Moses, Dawid, en ander profete, is “man van God” genoem. Timoteus word “man van God” genoem om hom te herinner dat God hom geroep het om sy Woord te verkondig. Elke predikant is veronderstel om ’n “man van God” te wees, wat mense leer wat God in sy Woord sê.

Elke gelowige is man/vrou van God omdat ons aan Hom behoort. Ons lewens gaan oor Hom. In hierdie laaste deel van 1 Timoteus word ons herinner aan Wie God is. 1 Timoteus 6:15-16 is een van die mooiste lofsange in die Nuwe Testament oor Wie God is.

Wat openbaar God alles oor Homself?

In 1 Timoteus 6:12 staan: “gryp die ewige lewe aan, waartoe jy geroep is.” God is die Een wat roep. Sy roepstem gaan na alle mense uit. Glo en jy word gered. In sy genade laat Hy dan die mense wat Hy vir Hom gekies het glo. Dit is nie jy wat vir God kies nie. Dit is nie jy wat besluit om te glo nie. Dit is nie jy wat in beheer is nie. God roep. God werk geloof in jou hart. Hy roep tot redding. Hy roep tot bediening.

Timoteus was geroep om predikant te wees. Elkeen van ons word

geroep om tot die Here se eer te lewe op die plek wat Hy ons plaas.

In 1 Timoteus 6:13 staan: “God, wat aan alles lewe gee.” In 1 Timoteus 6:16 staan: “Hy wat alleen onsterflikheid besit.” God is ewig. Hy het nie ’n begin of ’n einde nie. Hy besit onsterflikheid: Hy maak mense onsterflik. Mense is skepsels met ’n begin. God het nie ’n begin of ’n einde nie. Hy gee aan alles lewe. Dit is Hy wat jou geboortedag en sterfdag vasmag het. Die feit dat jy vandag hier is, is omdat God jou lewe onderhou. As Hy wil, kan Hy ons almal net hier laat dood neerslaan. Moenie die lewe as vanselfsprekend aanvaar nie. God is ewig en gee lewe. Wie is ons om te dink dat ons in beheer is?

In vers 1 Timoteus 6:15 staan: “wat God op sy eie tyd sal openbaar.” God laat dinge op sy tyd gebeur en sy tydskerekening is altyd perfek. Ons wil Hom soms so graag aanjaag dat ons kan kry wat ons wil hê op ons tyd, maar Hy laat dinge gebeur soos en wanneer dit nodig is. Ons in soveel Psalms herinner om op Hom te wag. Ons kan Hom nie aanjaag nie. Ons kan Hom ook nie keer nie.

In 1 Timoteus 6:15 staan: “Hy is die lofwaardige en enigste Heerser, Die Koning van die konings en die Here van die heersers.” Al die lof kom Hom toe. As daar enigiemand is wat verheerlik moet word en eer kry, is dit Hy. Nie die mens nie. Selfs nie eers belangrike mense nie.

Hy is die Koning van die Koning en die Here van die heersers – Hy regeer oor alle mense. Ook oor regeerders, presidente., leiers, politici, hulle almal. Dit troos ons: Waar daar vername mense in hierdie wêreld is wat op ander trap, waar daar vername mense in ons land is wat alles doen wat hulle kan om Afrikaners weg te jaag, die kwesbares en weerloses uit te buit en hulself te verhef, kan hulle hulself nie beweeg as God dit nie toelaat nie. Hy gebruik hulle. Hulle gaan eendag aan Hom moet rekenskap gee. Waarom sal ons hulle dan vrees?

God bewoon ontoeganklike lig. Psalm 104:2 (die beryming van Totius) besing dit: “U mantel is van sonneglans.” Sy heiligheid en sy heerlikheid straal helderder as die son op ’n helder dag. Het jy al probeer om reg in

die son in te kyk? Dis onmoontlik sonder om jou oë skade aan te doen. Veel helderder as dit straal God se heerlijkheid en heiligheid.

Omdat Hy volkome heilig is, kan geen mens Hom ken of Hom sien nie. Hy sê vir Moses in Eksodus 33:20: “Jy kan nie my gesig sien nie, want ’n mens kan My nie sien en bly leef nie.”

Aan Hom kom al die eer en ewige krag toe. Alles gaan oor God.

Alles gaan oor die ewige, almagtige, heilige God. Geen mens kan Hom ken of Hom sien nie. Hoe is dit dan moontlik dat ons Hom ken en liefhet?

Gryp die ewige lewe vas deur jou belydenis te leef

Dit is slegs moontlik omdat Hy Homself aan ons bekend maak. Hy is nie stil oor Wie Hy is nie. Hy maak Homself aan die mens bekend deur Christus. In Kolossense 1:15 staan: “Die Seun is die beeld van die onsigbare God.” In 1 Timoteus 2:5 staan: “Een Middelaar tussen God en die mense: die mens Christus Jesus.” Jesus Christus leer ons Wie God is. Hy maak God aan ons bekend. Deur Hom kan ons God waarlik ken. Deur Christus word God jou kenbare, liefdevolle hemelse Vader.

Timoteus word herinner aan die erns van die opdrag wat hy het om tot God se eer te lewe en God se Woord te verkondig. Die erns word onderstreep in 1 Timoteus 6:13: “Ek beveel jou voor God, wat aan alles lewe gee, en Christus Jesus, wat die goeie belydenis voor Pontius Pilatus gelewer het.”

Wat is die goeie belydenis wat Hy gelewer het? Dat Hy die ware, ewige Koning is. In Johannes 18:37 staan: “Is u dan tog ’n koning? Het Pilatus gevra. Jesus antwoord hom: U sê dat Ek ’n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek na die wêreld gekom: om oor die waarheid te getuig.”

Ons Here Jesus het as Verlosser en Koning gekom. Selfs in die grootste aanvegtinge het Hy nie sy woorde verander om dinge vir Homself maklik te maak nie. Hy het aan die waarheid vasgehou terwyl Hy geweet het dit gaan sy dood beteken.

Hy het geweet sy dood gaan lewe vir sy mense beteken. Deur sy dood

sou Hy die volle prys betaal het vir elkeen wat in Hom glo se sonde. Hy het dit gedoen! Ons sonde is vergewe en ons behoort vir ewig aan Hom. Die Almagtige God het sy Seun gestuur sodat ons Hom kan ken in 'n ewige verhouding met Hom.

Nou lewe ons vir Hom. Ons gryp die ewige lewe styf vas soos Timoteus beveel is. Dit beteken nie dat ons onself red nie. Ons is slegs deur Jesus Christus gered. Om die ewige lewe styf vas te gryp, beteken om dit as 'n kosbare skat te bewaar. Dit beteken om alles wat ons doen in die lig van die ewige te sien. Dit beteken om oor alles te vra: Gaan dit waarmee ek nou besig is, regtig saak maak in ewigheid?

Die lewe van die gelowige is nie 'n passiewe lewe nie. Ons is aktief besig:

- Ons vlug weg van dwaalleer en geldgierigheid.
- Ons streef daarna om te doen wat reg is en wat God gelukkig maak. Ons streef daarna om God te vrees as Koning oor elke deel van ons lewens.
- Ons streef daarna om in alle omstandighede – ook wanneer dinge moeilik gaan – op God te vertrou.
- Ons streef daarna om God en ander waarlik lief te hê. Liefde is nie net 'n gevoel nie, dit is 'n werkwoord ook.
- Ons offer onself op ter wille van God en ander.
- Ons streef daarna om gelowig te volhard. Om op God te wag.
- Ons streef daarna om sagmoedig te wees, om sonder woede op teenstand en kritiek te reageer.

Om so te lewe, verg inspanning en fokus. Die lewe van die gelowige is 'n stryd. Van ons is so besig met ander dinge dat ons nie eers weet dat dit 'n stryd is nie. Die woord wat met “stryd” in 1 Timoteus 6:12 vertaal is, wys op 'n atleet wat besig is om alles in sy vermoë te doen om die wenstreep te behaal. Hy is bereid om hard te oefen, genoeg te rus, baie ontspanning en kos prys te gee, omdat hy wil wen.

So vra die lewe van die gelowige baie dissipline en inspanning om van die verkeerde goed af weg te vlug en na die regte goed toe te hardloop. Ons lewe nie vir die hier en die nou nie. Ons lewe vir die ewige. Ons doen alles wat ons nou doen met die oog op die ewige lewe.

Dit help ons om ons prioriteite reg te kry. Is hierdie dinge waarmee jy so hard besig is, iets wat gaan saak maak wanneer die ewigheid aanbreek? Is hierdie dinge waarmee jy jou lewe volprop, dinge wat ewigheidswaarde het? Of is dit dinge wat vergaan?

Timoteus moes met die regte fokus leef. Ons moet ook. Hy het sy geloof voor baie getuies bely. Baie van ons het al ons geloof voor ander bely.

Ook hierin is Christus vir ons 'n voorbeeld: Hy het sy belydenis geleef. Lewe jou belydenis! As jy bely dat Jesus jou Verlosser is, lewe so! As jy bely dat jou sonde vergewe is, lewe so! As jy bely dat Hy jou Koning is, lewe met Hom as Koning oor elke deel van jou lewe.

Hy is ook die Koning van jou geld. In 1 Timoteus 6:3-10 is ons teen geldgierigheid gewaarsku. In 1 Timoteus 6:11-21 word ryk mense gewaarsku. As die Here vir jou baie gee, is dit sodat jy baie kan doen. Is dit sodat jy met 'n oop hart en hand kan lewe. Is dit sodat jy mededeelsaam kan wees.

Die Here gee vir ons gawes. Hy gee ook geld. Laat ons dit tot sy eer gebruik. Laat ons dit gebruik om te sorg dat ander mense ook van Hom hoor. Laat ons dit gebruik om te sorg dat sy kerk kan aanhou bestaan. Laat ons dit gebruik tot sy eer.

Deur ons geld op hierdie manier te gebruik, maak ons 'n ware, ewige belegging. Op hierdie manier gebruik die Here ons gawes sodat ander van Hom kan hoor en ook in die geloof opgebou kan word.

Ons gryp die ewige lewe vas deur getrou te bly in ons roeping. Ons gryp die ewige lewe vas deur ons pand te bewaar. As predikant moes Timoteus alles doen wat hy kon om aan die waarheid van die Woord vas te hou en te verkondig. Hy moes alles doen wat hy in die brief en die res van die Woord beveel is.

Hy moes daarom niks te doen hê goddelose en leë praatjies nie. Predikante vandag ook geroep om aan die waarheid van die Woord vas te hou en dit te verkondig. Hoe hartseer is dit dan nie as daar gedink word dat die Here se kerk met storiëttjies vermaak moet word, eerder as wat hulle met die Woord bedien word nie.

Elke gelowige word geroep om styf vas te hou aan die Woord. Om die kosbare skat wat die Here vir ons gegee het, te bewaar. Gelowiges maak daarom 'n punt daarvan om die Woord te ken, om in die erediens te wees en om alles aan die Woord te meet.

Gelowige ouers het 'n groot roeping om hul kinders te leer Wie die Here is. Om hulle te leer hoe belangrik dit is om aan die Woord vas te hou. Ons kan nie ons kinders leer om die ewige lewe vas te gryp as ons dit nie self doen nie.

Ons doen alles wat ons doen in die lig van die ewige lewe. Ons gryp die ewige lewe vas deur as mense wat ewig aan die Here behoort, te lewe.

Die Here kom weer

Julle kan hoor dat dit 'n groot opdrag is. Meeste van ons kan getuig dat ons soms moedeloos raak en wil opgee. Die Here verwag nie van ons om hierdie opdrag in eie krag uit te voer nie. Hy sê ons moet die ewige lewe vasgryp, maar Hy maak dit ook vir ons moontlik.

Hoe doen Hy dit? Hy herinner ons aan die wederkoms. Dit spoor ons aan: Die Here is op pad terug, laat ek doen wat Hy vir my sê. Dit troos ons: Die Here is op pad terug, die stryd is nie vir ewig nie.

Wanneer die Here kom, gaan die stryd verby wees. Gaan ons in ewige heerlikheid by Hom opgeneem word. Tot daardie dag lei die Heilige Gees ons en gee ons krag om te volhard.

1 Timoteus eindig met die seën in 1 Timoteus 6:21: “Die genade bly met julle!” God se onverdiende goedheid is altyd by ons. Sy guns skyn altyd oor ons. Wanneer ons moeg is, sal Hy ons krag gee. Wanneer ons

struikel, sal Hy ons op help. Wanneer ons wil opgee, sal Hy ons versterk.

Ons kan slegs as gelowiges lewe, ons kan slegs die ewige lewe vasgryp, deur God se krag en genade.

Ons Here Jesus Christus kom weer. Is dit waaraan jy vashou?

1 Timoteus gaan oor hoe ons ons as huisgesin van God moet gedra. Die brief eindig met die herinnering om op die regte dinge te fokus.

Mag ons aan God al die eer gee. Mag ons lewe soos Hy dit wil hê. Mag ons uitsien na die dag wanneer ons Here Jesus kom.

Laat ons die ewige lewe styf vas gryp. Dit hou troos in: Die lewe is moeilik en vol beproewings, ons voel dikwels magteloos, maar die Here kom weer om 'n einde daaraan te maak. Dit hou 'n verantwoordelikheid in: Doen alles wat jy doen in die lig van die ewige lewe.

Gryp die ewige lewe styf vas!